


DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**Handelinge
van die ad hoc Sinode gehou op 12 Maart 2005
in Pretoria-Maranata**

en

**Handelinge
van die Sinode gehou van 23 Mei tot 27 Mei 2005
en 18 Maart 2006
in Pretoria-Maranata**



ECCLESIA CHRISTI FLUCTUAT NON MERGITUR

Uitgawe in opdrag van die
Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ©2005

© **Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**

Argief bewarende kerk:

Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

*Posbus 31141
Totiusdal
0134*

Inhoud

HANDELINGE VAN DIE AD HOC SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE PRETORIA-MARANATA OP 12 MAART 2005..... 5

ARTIKEL 1 OPENING	5
ARTIKEL 2 AFVAARDIGING	6
ARTIKEL 3 KONSTITUERING EN MODERAMEN.....	7
ARTIKEL 4 INSTEMMING MET DIE BELYDENIS.....	7
ARTIKEL 5 VERWELKOMING ADVISEURS.....	7
ARTIKEL 6 SAKELYS.....	7
ARTIKEL 7 VASSTELLING WERKWYSE SINODE.....	8
ARTIKEL 8 VOORSTELLE I.S. TEOLOGIESE OPLEIDING.....	8
ARTIKEL 9 PERSOONLIKE RONDVRAAG	10
ARTIKEL 10 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN KORT VERSLAG.....	10
ARTIKEL 11 SENSUUR VOLGENS ART. 48 VAN DIE KERKORDE.....	10
ARTIKEL 12 SLUITING	10

HANDELINGE VAN DIE SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE PRETORIA-MARANATA VAN 23 TOT 26 MEI 2005 EN ... JANUARIE 2006..... 11

BIDSTOND.....	11
ARTIKEL 1 OPENING	11
ARTIKEL 2 AFVAARDIGING	12
ARTIKEL 3 MODERAMEN.....	14
ARTIKEL 4 KONSTITUERING	14
ARTIKEL 5 AFGEVAARDIGDES VAN BUITELANDSE KERKE	14
ARTIKEL 6 WAARNEMERS VAN BINNELANDSE KERKE	14
ARTIKEL 7 INSTEMMING MET BELYDENIS	15
ARTIKEL 8 AGENDA	15
ARTIKEL 9 WERKWYSE VAN DIE SINODE.....	17
ARTIKEL 10 BOODSKAP VAN DIE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND	18
ARTIKEL 11 GROETBOODSKAP CANADIAN AND AMERICAN REFORMED CHURCHES	19
ARTIKEL 12 GROETBOODSKAP FREE REFORMED CHURCHES OF AUSTRALIA	20
ARTIKEL 13 GROETBOODSKAP GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID AFRIKA.....	24
ARTIKEL 14 VOORSTEL I.S. DEELNAME AAN NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING	24
ARTIKEL 15 VOORSTEL I.S. HERINDELING KLASSISSE.....	25
ARTIKEL 16 VOORSTEL I.S. KERKVERBANDELIKE ADMINISTRATEUR.....	25
ARTIKEL 17 VOORSTEL I.S. AANVULLING DEPUTATE BY VAKATURES	26

ARTIKEL 18 VOORSTEL I.S. VASSTELLING KERKVERBANDELIKE BYDRAES	26
ARTIKEL 19 VOORSTEL I.S. ONKOSTES KLASSIS.....	27
ARTIKEL 20 INSTRUKSIE I.S. OPHEFFING VGK TE SPRINGS	27
ARTIKEL 21 BESWAARSKRIF R.F. VAN DEN BERG	27
ARTIKEL 22 DEPUTATE VIR BETREKKINGE MET BUITELANDSE KERKE (BBK)	28
ARTIKEL 23 DEPUTATE VIR KONTAKTE MET BINNELANDSE KERKE (KBK).....	33
ARTIKEL 24 DEPUTATE WERK ONDER VERONTRUSTES (DWoV).....	34
ARTIKEL 25 DEPUTATE VERSORGING KERKORDE, SINODEREËLS EN LITURGIESE FORMULIERE	35
ARTIKEL 26 SENDINGSDEPUTATE.....	49
ARTIKEL 27 DEPUTATE VIR LITURGIESE MUSIEK	50
ARTIKEL 28 DEPUTATE I.S. ARTIKEL 19 KO I.S. HULPBEHOEWENDE STUDENTE	51
ARTIKEL 29 DEPUTATE I.S. ARTIKEL 11 KO I.S. HULPBEHOEWENDE KERKE	52
ARTIKEL 30 DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET DIE OWERHEID.....	52
ARTIKEL 31 DEPUTATE I.S. ARTIKEL 49 KO	52
ARTIKEL 32 SINODALE KWESTOR	52
ARTIKEL 33 KONTROLE VAN DIE KWESTOR	53
ARTIKEL 34 ARGIEFBEWARENDE KERK	53
ARTIKEL 35 DEPUTATE VIR KONTROLE VAN DIE ARGIEF	53
ARTIKEL 36 KERK OM 'N DAG VAN VEROOTMOEDIGING UIT TE ROEP.....	53
ARTIKEL 37 TEOLOGIESE OPLEIDING.....	53
ARTIKEL 38 BENOEMING VAN DEPUTATE	57
ARTIKEL 39 OPDRAGTE VIR DEPUTATE	59
ARTIKEL 40 SEËNWENSE AAN DIE PRESIDENT	65
ARTIKEL 41 PERSOONLIKE RONDVRAAG	65
ARTIKEL 42 AANWYSING VAN DIE SAMEROEPENDE KERK EN DIE VASSTELLING VAN DIE TYD EN PLEK VAN DIE VOLGENDE SINODE	65
ARTIKEL 43 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN DIE KORT VERSLAG	66
ARTIKEL 44 SENSUUR VOLGENS ARTIKEL 48 KO	66
ARTIKEL 45 SLUITING	66

HANDELINGE VAN DIE AD HOC SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE PRETORIA- MARANATA OP 12 MAART 2005

ARTIKEL 1 OPENING

Namens die roepende kerk te Pretoria-Maranata open br. F.J. van Dijk die verrigtinge om 09:15. Hy lees Galasiërs 6:1-18 en laat sing Psalm 1:1 en 4, waarna hy voorgaan in gebed.

Hierna word die verrigtinge van die Sinode deur br. F.J. van Dijk namens die roepende kerk soos volg geopen:

Geliefde afgevaardigdes, Adviseurs, Broeders en gaste.

Die uitroep van 'n ad-hoc Sinode is n baie belangrike saak. Dit vind nie net sommer plaas nie, ook nie elke dag nie. Bepaalde vereistes word gestel en word in gedagte geneem, gedebatteer, alvorens, soos in hierdie geval, die roepende kerk die ad hoc vergadering sal skeduleer. Ad hoc is 'n Latynse woord en beteken: committee, created with a unique and specific purpose or task and once it has studied and reports on the matter, it stands disbanded. The lifetime of such a meeting is therefore very short and exists only for an agreed purpose and time.

Theological training is accepted and regarded as very important by the calling church council of Maranata. Even though Maranata might not support the calling for an ad hoc synod, we nevertheless, support the critical importance of the topic under discussion, and therefore acted on the request as the documentation and requirements were met in full to formulate the ad hoc synod.

Dit is dus my biddende wens, dat die krag van die Almagtige God, die verrigtinge van vandag sal sien en dat daar met wysheid en insig deur almal oor Teologiese opleiding, 'n kritiese saak, besin word. Dat dit in alle vryheid sal plaasvind en dat daar ook eensgesindheid en rus sal kom in hierdie saak wat die afgelope tyd op almal in die VGK kerkverband, se lippe is.

Allow me the opportunity to welcome you, on behalf of the FRC of Maranata, to Tshwane and, more specifically, to the building of the Dutch Reformed Church Bergtuin. A special welcome to all invited brothers and advisors and our visitors. May we enlighten each other's loads and, thus, experience the true meaning of His Holy Congregation. Today we have the opportunity, let's not waste the event to bring about a mutual goal on theological training.

Dit is my aangename voorreg om u almal namens die VGK Maranata baie welkom te heet, hier in Tshwane in die kerkgebou van die NG Gemeente Bergtuin. Ook 'n spesiale welkom aan die afgevaardigdes, adviseurs en broeders wat genooi is om aanwesig te wees. Mag u en ons almal saam, mekaar se juk sagter maak en daarvolgens ook die gemeenskap van die heiliges bevestig en versterk.

Die ad hoc Sinode van Johannesburg in 2001, is ook geopen deur 'n ouderling, wat die beeld van 'n statige huis met 'n groot stuk plaveisel gebruik het. Dit is nie net sommer 'n huis nie maar n statige huis. Daar kan talle vroe gestel word oor die plaveisel en die statige huis MAAR dit hoort bymekaar. Dit vorm 'n eenheid. Die statige huis en die plaveisel. Die ad hoc vergadering van 2005 moet ook die eenheid verteenwoordig en bewerkstellig. Broeders met verskillende agtergronde, kulture, menings, ouderdomme en opleiding word geroep en saamgebind as 'n eenheid deur onse Here Jesus Christus. Die komponente is almal belangrik, is almal noodsaaklik om die optimale funksionering te bereik soos dit omskryf is in Romeine 12:

'Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is.'

Broeders, ons weet dat ons in geloof, 'n vaste vertrouwe het, wat die heilige gees deur die goddelike evangelie in ons harte werk. 'n Geskenk deur God aan ons gegee uit loutere genade. Laat ons met hierdie sekerheid, en die genadegawes wat vandag hier aanwesig is die Sinode van Maart 2005 begin.

Broeders, Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle gees.

Ek verklaar die ad hoc Sinode van die Vrye gereformeerde kerke in Suid Afrika geopen.

ARTIKEL 2 AFVAARDIGING

Die verteenwoordiger van Pretoria-Maranata rapporteer dat die geloofsbriewe van die twee afvaardigings in orde bevind is.

Van Klassis A is afgevaardig:

Primi:

Ds C. Kleijn, Pretoria
Ds R.M. Retief, Springs
Ds E. Viljoen, Kaapstad
Oudl. J.A. Smit, Pretoria
Oudl. J. van der Linden, Kaapstad
Oudl. F. Müller, Springs

Sekundi:

Ds J.A. Breytenbach, Kaapstad
Ds C.F. Nicholson, Kaapstad
Oudl. A. de Mooij, Kaapstad
Oudl. H.H. Schuring, Pretoria
Oudl. W. Henning, Springs

Van Klassis B is afgevaardig:

Primi:

Ds M.P. Magagula, Soshanguve-N
Ds T.K. Mogale, Mamelodi
Ds P. Nel, Bethal
Oudl. C.P. du Preez, Bethal
Oudl. H. Snijder, Johannesburg
Oudl. F.J. van Dijk, Pretoria-
Maranata

Sekundi:

Oudl. P. Bouwman, Pretoria-
Maranata
Oudl. G.J. de Haan, Johannesburg
Oudl. J. Smuts, Bethal

Al die primi afgevaardigdes is aanwesig, behalwe ouderling Müller wat vervang is deur ouderling Schuring.

Die kerkraad van Pretoria-Maranata het die volgende predikante genooi J. Bosman, J.A. Breytenbach, J. Mhlanga, C.F. Nicholson en J. van der Linden. Nie almal was by magte om die uitnodiging aan te neem nie. Di J. Bosman, J.A. Breytenbach, J. Mhlanga en C.F. Nicholson is teenwoordig en word as adviseurs toegelaat. Ook teenwoordig is ds K.J. Kapteyn uit Nederland, wat huidiglik hulpdienste verrig in die gemeente van Pretoria-Maranata. Hy kry ook sitting as adviseur.

ARTIKEL 3 KONSTITUERING EN MODERAMEN

Die voorsitter konstateer dat die kerke wettig byeen is. Die vergadering word gekonstitueer en 'n moderamen verkies. Ds C. Kleijn is tot voorsitter verkies, ds P. Nel tot assessor en oudl. J.A. Smit tot skriba.

Die moderamen neem hul plekke in en die vergadering word gekonstitueer. Die voorsitter spreek sy dank uit vir die vertrouwe wat die vergadering in die gekose broeders stel. Hy bedank die sameroepende kerk vir die werk wat gedoen is en spreek sy vertrouwe uit dat ons in goeie samewerking die sake, wat die kerke op ons tafel gesit het, sal behandel.

ARTIKEL 4 INSTEMMING MET DIE BELYDENIS

Die afgevaardigdes en adviseurs stem in met die drie Formuliere van Eenheid deur te gaan staan.

ARTIKEL 5 VERWELKOMING ADVISEURS

Die adviseurs word ook spesiaal welkom geheet asook br. H. de Jager, wat aanwesig is as deputaat kurator.

ARTIKEL 6 SAKELYS

Die volgende sakelys word aanvaar:

1. Opening namens die sameroepende kerk.
2. Ondersoek en verslag van geloofsbriewe.
3. Konstituering van Sinode en verkiesing van 'n moderamen.
4. Betuiging en instemming met die Belydenis deur afgevaardigdes en adviseurs.
5. Verwelkoming adviseurs.
6. Vasstelling van die agenda.
7. Vasstelling van die werkwyse van die Sinode.
8. Voorstelle deur VGK van Kaapstad insake die Teologiese Skool.
9. Persoonlike rondvraag.
10. Vasstelling van die Handeling en die Kort Verslag.
11. Sensuur volgens artikel 48 van die Kerkorde.
12. Sluiting.

ARTIKEL 7 VASSTELLING WERKWYSE SINODE

Daar is nog geen amptelike Sinodebesluit oor die taal wat gebruik gaan word nie. Besluit word dat vir hierdie Sinode die taal Engels sal wees, maar dat dit vir die afgevaardigdes vry sal staan om in Afrikaans of Sotho te spreek. Waar nodig sal daar getolk word. Die amptelike handeling sal in Afrikaans opgestel word met 'n vertaling in Engels.

Vergadertye 09:00 – 17:00; Teetye 10:45 – 11:00; Middagete 12:30 – 13:00

ARTIKEL 8 VOORSTELLE I.S. TEOLOGIESE OPLEIDING

Die voorstelle van Kaapstad is opgeneem in bylae 1 van die handeling.

Aanvaarbaarheid van die voorstelle van Kaapstad vir die Sinode.

Die voorsitter gee vir Kaapstad geleentheid te verduidelik hoekom hierdie voorstelle op die agenda van die Sinode geplaas is.

Die volgende sake is genoem:

- Die besluit van Johannesburg 2002 betreffende die opleiding was klaarblyklik onduidelik en is verskillend uitgelê deur verskillende partye.
- Om hierdie onduidelikhede weg te neem vra Kaapstad vir 'n besluit van die Sinode aangesien Kaapstad voel die teologiese beraad van Januarie 2005 is nie die regte forum om besluite rakende die kerkverband te neem nie.
- Kaapstad wil die mandaat aan die kuratore met hierdie besluit verduidelik.
- Die voorlopige verslag van kuratore wys uit dat die kuratore 'n andere pad voorstel vir die opleiding tot die diens as wat die besluit van Johannesburg 2002 voorskryf.
- Kaapstad het die moeite probeer verwoord in voorstelle op versoek van die roepende kerk van Pretoria-Maranata.

Ook word genoem dat die werkklas vir die dosente baie hoog is en dat Kaapstad besluit het om die predikante van Kaapstad te ontrek aan die Teologiese opleiding as daar nie 'n oplossing kom vir die werkklas nie.

In die bespreking word deur Kaapstad daarop gewys dat herwonne eenheid soos gevind op die teologiese beraad nou in 'n Sinode besluit omgesit moet word.

Daar word uit die vergadering gewys op die Sinode opdrag aan kuratore en dat dit onwys is om sonder die verslag van die kuratore nou 'n besluit te neem. Daar is ordelike prosedures wat gevolg moet word wanneer probleme ontstaan. Geen besluite kan nou, sonder die insette van kuratore, geneem word nie. Sodanige besluite sal onredelik wees ten opsigte van die werk wat sinds die vorige Sinode deur kuratore verrig is.

Die Sinode besluit nogtans dat dit gepas sal wees om die voorstel van Kaapstad te bespreek.

Vier besprekingsrondes vind plaas.

Opsommend kan die volgende vermeld word:

1. Daar is geen eenstemmigheid dat die vorige Sinode se besluite werklik onduidelik is nie. Besluite moet volgens art. 31 KO hanteer word.
2. Om die uitspraak van Johannesburg 2002: “dat eenheid in die leer een opleiding wenslik maak.” te verander deur “wenslik” te vervang met “moet” word nie deur almal ondersteun nie en behoort te dien op die volgende Sinode.
3. As die dokument van Kaapstad deeglik bestudeer word is daar toevoegings en wysigings wat in stryd is met Johannesburg 2002. Om dit sinvol op hierdie ad-hoc Sinode te behandel is nie wenslik nie.
4. Oudl. H. Snijder dien ‘n gewysigde voorstel in. (Sien detail onder.)
5. Kaapstad spreek duidelik uit dat hulle al vir geruime tyd in groot moeite is met die opleiding van hulle studente. Weens die vertrek van sekere dosente uit die kerkverband en die groot afstand het die las op die dosente in Kaapstad breekpunt bereik tot nadeel van die studente en die gewone werk in die gemeente.
6. Tydens die spreekbeurt van die voorsitter van die kuratore vermeld hy dat daar vasgestelde prosedures is om dosent tekorte aan te spreek. Die senaat moet met voorstelle kom na die kuratore wat dit op hulle beurt weer aan die Sinode moet presenteer. Huidig is daar geen versoek by kuratore nie. Daar word voorgestel dat kommunikasie opgeknop word.
7. Die Sinode is eensgesind dat die moeite in Kaapstad ernstig is en dringend aangespreek moet word. Ons is saam daartoe verbind om as kerkverband die verantwoordelikheid te dra.
8. Ons Sothosprekende afgevaardigdes het moeite om die Afrikaanse dokument ter tafel te verstaan en gevolglik te beoordeel. Hulle is nie gereed vir ‘n beslissing nie en stel voor dat daar nie oorhaastige besluite geneem word nie. Terselfder tyd spreek hulle hulle sorg uit oor die situasie in Kaapstad en beveel aan dat daar dringend hulp aangebied moet word.
9. Die bespreking word afgesluit en daar moet ‘n beslissing geneem word.

Besluitvorming

Daar is drie voorstelle:

- Die voorstelle van Kaapstad soos opgeneem in bylae 1.
- Amendement voorstel H. Snijder op die voorstelle van Kaapstad, soos volg:
Van die eerste voorstel word 1a oorgeneem en verval die andere punte;
Van 2 word van a die woorde tot en met “wees” oorgeneem en vervolgens b en c;
Van 3 word a aangepas en verval b.
Die aanpassing lui soos volg:
Om die bestaande opleiding so te struktureer en te beman dat studente vanuit die kerkverband en daarbuite ‘n volledige teologiese vorming kan ontvang.

- Voorstel om geen beslissing te neem nie aangesien ons nie gereed daarvoor is nie en die kuratore se insette benodig word.

Die laaste voorstel kom as mees verstrekkende voorstel as eerste in stemming. Hierdie word aangeneem met 7 voor en 5 teen. Daarmee verval die andere twee voorstelle. Ook die ander voorstelle van Kaapstad verval met bogenoemde stemming. Die volgende geskeduleerde sinode sal normaal plaasvind en nie uitgestel word nie.

ARTIKEL 9 PERSOONLIKE RONDVRAAG

Oudl. F.J. van Dijk noem dat die gewone Sinode op 23 Mei 2005 begin en dat amptelike briewe met voorstelle en verslae nie net deur e-pos gestuur moet word nie, maar dat dit ook per normale pos moet gestuur word. Verskillende Sinodelede spreek hulle dank uit vir die goeie samewerking, vir die werk van die moderamen en die assessor spesifiek vir die goeie leiding van die voorsitter. Die voorsitter spreek sy dank uit vir die werk gedoen deur die notularis.

ARTIKEL 10 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN KORT VERSLAG

Die voorsitter vra of dit in orde is dat die moderamen die Handeling vasstel en dan aan die kerke versprei. Dit word so deur die vergadering aanvaar.

Die voorsitter noem ook dat die assessor die Kort Verslag van die Sinode sal opstel en dat dit binne die volgende twee weke bekend gestel sal word.

ARTIKEL 11 SENSUUR VOLGENS ART. 48 VAN DIE KERKORDE

Hiervan word geen gebruik gemaak nie.

ARTIKEL 12 SLUITING

Die voorsitter bedank die Pretoria-Maranata gemeente vir die ontvangs en versorging van die sinode. Die adviseurs word bedank vir hulle aanwesigheid en bydraes. Hierna gaan die assessor voor in dankgebed waarna die voorsitter die vergadering sluit om 13:30.

Ds C. Kleijn, voorsitter,
Oudl. J.A. Smit, skriba,
Ds P. Nel, assessor.

HANDELINGE VAN DIE SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE PRETORIA-MARANATA VAN 23 TOT 26 MEI 2005 en 18 MAART 2006

Bidstond

Op Maandag 23 Mei 2005, voorafgaande aan die Sinode, het die roepende kerk van Pretoria-Maranata 'n bidstond belê om die verrigtinge van die Sinode aan die HERE op te dra. Die konsulent van die roepende kerk, ds. P. Nel, het in hierdie diens voorgedaan. Hy het die Woord bedien uit Markus 9:30-51 en Lev. 2:11-16, waarna hy in die gebed die HERE gevra het vir Sy seën oor die Sinodesittings wat sou plaasvind.

Die preek het as tema: "God salts His church with the salt and fire of Christ"
en as onderverdeling:

1. "Christ alone is the salt of the church
2. Christ salts us with the fire of discipleship
3. Christ salts us with a heart for no ones and little ones."

Artikel 1 Opening

Namens die roepende kerk te Pretoria-Maranata open br. F.J. van Dijk die verrigtinge om 20:30. Hy lees Rom. 12:1-3 en 9-21 en laat sing Ps. 128, waarna hy voorgaan in gebed.

Hierna word die verrigtinge van die Sinode deur br. F.J. van Dijk namens die roepende kerk soos volg geopen:

Geliefde ampsdraers vanaand aanwesig,

Dit is vir die VGK van Pretoria-Maranata 'n aangename voorreg om u almal, afgevaardigdes, adviseurs, broeders en gaste in ons eie kerkgebou, hier in Waverley, Pretoria welkom te heet. Ons, as gemeente is die Here baie dankbaar vir al die gawes wat ons die afgelope paar maande uit sy Hand ontvang het en dat u vanaand hier aanwesig kan wees vir die opening van die Sinode 2005.

We are grateful for your attendance. A special word of welcome to:
Rev. Ben Fourie from the Reformed Churches of South Africa
Br Bert Veenendaal from the Free Reformed Churches of Australia
Prof. C. van Dam from the Canadian Reformed Churches.

Broeders, ek het u almal gegroet as ampsdraers by die aanvang van die verrigtinge. Weet U wat U taak omvat, is dit dalk iewers omskryf sodat u en ek verseker is dat ons in Christus besig is met ons ampswerk! SY werk! Die werk wat ook die volgende paar dae afgehandel moet word op hierdie sinode – Voel u toegerus vir die opdrag wat voor u lê?

Members of the Church Councils are tasked with various affairs and issues, which require insight as well as a sound understanding of the framework within which the different congregations operate. What sometimes seem impossible, become issues we deal with on a daily basis and we ask ourselves: Who am I and what is required from me to operate as elder, deacon or minister of

my church? Greater still we ask ourselves – What does God require from me? What does my congregation expect from me? What are the boundaries of my task in my church, if any?

Paulus het die ampsdiens in Kol 1: 25-28 as volg omskryf :

“24. Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukkings van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is ;

25. waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul,

26. naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges,

27. aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid.

28. Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel;

29. waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag.”

Every brother here is elected or appointed to serve Christ, to spread His Word, to bear His fruit and make it visible in the daily lives of all who live in His Church. What an honour to be chosen by Christ, but what a responsibility. We constantly need to test ourselves by asking whether we are acting in faith – also here tonight, whether we are spreading His Mercies. Paul said in 2 Cor 13:5 that we should search within ourselves for His Faith, we should be sure that we have Christ working in and through us.

Dit is die groot vraag wat ampsdraers aan hulle self moet stel, elke keer weer. Dit is die beslissende keuse wat elke ampsdraer moet maak in sy lewe. Dit behoort sy finale keuse te wees as hy vir Christus kies en lewe, maar ook werk as ampsdraer in sy gemeente en op hierdie sinode. Broeders ampsdraers, hierdie werk is nie altyd maklik nie, vereis baie kennis en insig, geduld, liefde en gebed. Die ampsdraer is nie 'n persoon met deskundige kennis op alle terreine nie maar hy is nugter, waardig, ingetoë, gesond in die geloof, in die liefde en die lydszaamheid (Titus 2).

Brothers, may the Almighty God bless the work of this synod, which He has called together. May we be guided through the Spirit of our Lord Jesus Christ. May our decisions be to the joy and unity of all our churches. May our decisions not reflect our individual opinion, but should be an extension of God's Honour, His Virtue and to glorify His wonderful name.

I declare the synod officially open.

Op 18 Maart 2006 het die voorsitter ds. C. Kleijn die tweede sitting van die Sinode geopen met die lees van Psalm 122. Hy laat sing Ps. 122 en hou 'n kort oordenking oor die Psalm.

Artikel 2 Afvaardiging

Die verteenwoordiger van Pretoria-Maranata rapporteer dat die geloofsbriewe van die twee afvaardigings in orde bevind is.

Van Klassis A is afgevaardig:

Primi:

Ds. C. Kleijn, Pretoria

Ds. R.M. Retief, Springs

Ds. E. Viljoen, Kaapstad

Oudl. H. de Jager, Pretoria

Oudl. H.H. Schuring, Pretoria

Oudl. J. van der Linden, Kaapstad

Sekundi:

Ds. J.A. Breytenbach, Kaapstad

Ds. C.F. Nicholson, Kaapstad

Oudl. L.H.T. Bosker, Pretoria

Oudl. J.A. Smit, Pretoria

Oudl. A.J. van der Lugt, Kaapstad

Van Klassis B is afgevaardig:

Primi:

Ds. M.P. Magagula, Soshanguve-N

Ds. T.K. Mogale, Mamelodi

Ds. P. Nel, Bethal

Oudl. P. Bouwman, Maranata

Oudl. H. Snijder, Johannesburg

Oudl. F.J. van Dijk, Maranata

Sekundi:

Oudl. D.S. Ntsiyeni, Mamelodi

Oudl. H. Sterk, Maranata

Al die primi is aanwesig behalwe oudl. H. de Jager. Hy word vir die Mei 2005 sitting vervang deur oudl. J.A. Smit. Oudl. De Jager was aanwesig tydens die Maart 2006 sitting.

Adviseurs

Die kerkraad van Pretoria-Maranata het die volgende predikante genooi P.G. Boon, J. Bosman, J.A. Breytenbach, J. Mhlanga, C.F. Nicholson, P.J. Retief en J. van der Linden. Nie almal was by magte om die uitnodiging aan te neem nie. Di. J. Bosman en P.J. Retief het verskoning gevra. Die ander genooides predikante word as adviseurs toegelaat.

Op die Maar 2006 sitting het die predikante Nicholson en Van der Linden verskoning gevra. Ds. H.H. van Alten is vir die eerste keer aanwesig en word genooi sy plek as adviseur in te neem.

In die Mei maand sitting was ook teenwoordig ds. K.J. Kapteyn uit Nederland, wat die tydperk hulpdienste verrig het in die gemeente van Pretoria-Maranata. Hy kry ook sitting as adviseur.

Ds. P.J. Retief het 'n brief gestuur waarin hy die Sinode opdra aan die Here. Die Sinode sal hom antwoord om hom te dank vir die goeie woorde en om hom te bemoedig in sy omstandighede.

Donderdag 26 Mei 2005

Donderdag middag en aand is aanwesig oudl. L.H.T. Bosker in die plek van oudl. J. van der Linden.

Saterdag 18 Maart 2006

Ds. E. Viljoen is vervang deur dr. J.A. Breytenbach en oudl. J. Van der Linden deur oudl. L.H.T. Bosker. Vir die eerste keer aanwesig is Oudl. H. De Jager. Ds. T.K. Mogale is vervang deur oudl. H. Sterk.

Klassis Suid het 'n brief geskryf met die versoek nou dat van die afgevaardigdes wat lid is van die kerk te Kaapstad, niet meer aanwesig is nie, om br. J.F. Raimond te aanvaar as die nuwe sekundus afgevaardigde in die plaas van oudl. J. Van der Linden. As rede noem klassis Suid die sterk betrokkenheid van Kaapstad by die saak van die Teologiese Opleiding.

Die Sinode erken die buitengewone omstandighede met die groot aantal afgevaardigdes wat nie by magte is aanwesig te wees nie en aanvaar die voorstel. Oudl. J.F. Raimond neem sy plek as afgevaardigde in die plaas van

oudl. J. Van der Linden. Die Sinode noem dat hierdie besluit geen presedent skep vir die volgende Sinodes nie.

Artikel 3 Moderamen

Na 'n vrye verkiesing word as voorsitter gekies ds. C. Kleijn, as tweede voorsitter ds. P. Nel en as skriba oudl. P. Bouwman.

Artikel 4 Konstituering

Die moderamen neem hul plekke in en die vergadering word gekonstitueer. Die voorsitter spreek sy dank uit vir die vertrouwe wat die vergadering in die gekose broeders stel. Hy bedank die sameroepende kerk vir die werk wat gedoen is en spreek sy vertrouwe uit dat ons in goeie samewerking die sake, wat die kerke op ons tafel gesit het, sal behandel. Verder noem die voorsitter dat daar ook bepaalde verwickelinge was in die kerkverband. Die drie kandidate wat by die vorige Sinode geëksamineer is, mag nou ook die kerke in die amp van predikant dien. So mog ook die vakature wat in Johannesburg was gevul word. Verder het die Here dit ook so gelei dat daar twee nuut geïnstitueerde gemeentes in die kerkverband is, nl. Soshanguve-Noord en Mamelodi. Albei die gemeentes het gekom vanuit die sendingswerk in die Pretoria gebied. Ook hierdie gemeentes mag hulle eie predikante hê. Daar is ook drie predikante wat ons verlaat het. Ds. D.M. Boersma het 'n beroep na Amerika aangeneem, ds. A.J. de Visser het 'n beroep na Kanada aangeneem en ds. J.R. Visser 'n beroep na Nederland. Ook mag ons dankbaar wees dat daar ook twee nuwe predikante bygekome het. Ds. J. Mhlanga mog sy kerkelike eksamen op Klassis B aflê en het intussen 'n beroep aangeneem as sendeling in Pretoria. Ds. P.G. Boon het ook na Suid Afrika teruggekeer deurdat hy ook 'n beroep as sendeling in Pretoria aangeneem het. Daar is ook 'n verwickeling waaroor ons baie jammer is. Die gemeente van Springs was opgehef deurdat daar slegs 'n paar lidmate oor was. Hierdie lidmate skakel nou by Johannesburg in en ons is dankbaar dat Johannesburg die sorg van die twee predikante oorneem. As kerkverband mag ons die Here dank vir alles wat hy aan ons gee.

Artikel 5 Afgevaardigdes van buitelandse kerke

Die Free Reformed Churches of Australia het vir br. G.B. Veenendaal afgevaardig. Die Canadian and American Reformed Churches het vir prof. Dr. C. van Dam afgevaardig. Hulle word deur die voorsitter verwelkom en kry ook sitting as adviseurs.

Artikel 6 Waarnemers van binnelandse kerke

Namens die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika is aanwesig as waarnemers ds. B. Fourie en ds. N. Smit. Hulle word deur die voorsitter verwelkom.

Artikel 7 Instemming met Belydenis

Alle afgevaardigdes, asook die wat later die plek van ander ingeneem het, en adviseurs betuig hul instemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte, deur van hulle sitplekke af op te staan.

Artikel 8 Agenda

Die volgende agenda word deur die vergadering vasgestel. Die voorsitter noem wel dat met die vasstelling van die agenda dit nie outomaties beteken dat alle stukke ontvanklik verklaar word nie.

1. Opening namens die sameroepende kerk.
2. Onderzoek en verslag van geloofsbriewe.
3. Konstituering van Sinode en verkiesing van 'n moderamen.
4. Verwelkoming adviseurs.
5. Betuiging en instemming met die Belydenis deur afgevaardigdes en adviseurs.
6. Groetboodskappe.
7. Vasstelling van die agenda.
8. Vasstelling van die werkswyse van die Sinode.
9. Voorstelle en instruksies uit die klassisse.
 - 9.1. Voorstel van Klassis B i.s. deelname aan nuwe Afrikaanse Bybelvertaling
 - 9.2. Voorstel van Klassis B i.s. herindeling van klassisse
 - 9.3. Voorstel van Klassis B i.s. kerkverbandelike administrateur
 - 9.4. Voorstel van Klassis B i.s. deputate BBK
 - 9.5. Voorstel van Klassis B i.s. deputate Liturgiese Musiek
 - 9.6. Voorstel van Klassis B i.s. aanvulling deputate by vakatures
 - 9.7. Voorstel van Klassis A i.s. vasstelling kerkverbandelike bydraes
 - 9.8. Voorstel van Klassis A i.s. onkoste klassis
 - 9.9. Voorstel van Klassis A i.s. herindeling klassisse
 - 9.10. Instruksie van Klassis A i.s. opheffing VGK Springs en die versorging van die betrokke predikante
10. Beswaarskrifte.
 - 10.1. Beswaarskrif teen besluit van Klassis B deur br. R.F. van den Berg.
11. Deputate verslae.
 - 11.1. Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke.
 - 11.2. Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke (Kerkgroepe).
 - 11.3. Deputate Werk onder Verontrustes.
 - 11.4. Deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere.
 - 11.5. Sendingsdeputate.
 - 11.6. Deputate vir Liturgiese Musiek.
 - 11.7. Deputate i.s. artikel 19 KO.
 - 11.8. Deputate i.s. artikel 11 KO.
 - 11.9. Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid.
 - 11.10. Deputate i.s. artikel 49 KO.
 - 11.11. Sinodale Kwestor.
 - 11.12. Kontrole Kwestor.
 - 11.13. Argiefbewarende Kerk.

- 11.14. Toesig oor die argief.
- 11.15. Kerk om dag van verootmoediging uit te roep.
- 11.16. Deputate Kuratore Teologiese Skool.
- 12. Benoeming van deputate.
- 13. Seënwense aan die president.
- 14. Persoonlike rondvraag.
- 15. Aanwysing van die sameroepende kerk en die vasstelling van die tyd en plek van die volgende Sinode.
- 16. Vasstelling van die Handeling en die Kort Verslag.
- 17. Sensuur volgens artikel 48 van die KO.
- 18. Sluiting.

Artikel 9 Werkwyse van die Sinode

Vergadertye

08:30 – 12:30	Teetye:	10:15 – 10:45 en 15:30 – 16:00
14:00 – 17:00	Middagete:	13:00 – 13:45
19:00 – 21:00	Aandete:	17:30 – 19:00

Notularis

Die roepende kerk het as notularis br. A.W. Herder benoem. Hy word verwelkom deur die voorsitter.

Kommissies

Ter voorbereiding van die voorstelle met betrekking tot die finansies van die kerkverband word 'n kommissie aangewys, bestaande uit die lede H. Snijder (sameroeper), ds. T.K. Mogale en J. Van der Linden. Die kommissie word gevra om die agenda punte wat handel oor finansies en kerklike administrasie te ondersoek en die Sinode met 'n voorstel te dien. Die stukke wat ingekom het onder die volgende agenda punte word aan die kommissie verwys: 9.3, 9.7, 9.8, 11.11 en 11.12.

'n Kommissie word ook aangewys om die beswaarskrif van br. R.F. van den Berg te evalueer. Daar moet eers gekyk word na die ontvanklikheid daarvan en daarna na die inhoudl. Dit is punt 10.1 van die agenda. Die kommissie bestaan uit die lede ds. E. Viljoen (sameroeper), J.A. Smit en ds. R.M. Retief.

Verder word 'n kommissie ook aangewys om die voorstelle ten opsigte van Teologiese Opleiding te evalueer en die Sinode met advies te dien. Die kommissie bestaan uit die lede H.H. Schuring (sameroeper), F.J. van Dijk, ds. M.P. Magagula en ds. C. Kleijn.

Tolk

Waar nodig is sr. M. Hordyk beskikbaar as tolk in die vergadering. Ook die lede P. Bouwman en ds. P. Nel bied hulle dienste aan.

Taal

Tydens die vergaderinge word Engels gebruik en waar nodig kan getolk word. Die handeling sal in Afrikaans opgestel word, met 'n vertaling in Engels.

Voorstelle en Amendemente

Voorstelle en amendemente moet skriftelik ingedien word.

Pers

R. van der Kooij is aanwesig as verslaggewer van "Het Nederlands Dagblad". Dit word so aanvaar met die voorwaarde dat enige publikasie eers deur die moderamen geverifieer sal word.

Artikel 10 Boodschap van die Gereformeerde Kerken in Nederland

Die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt) het 'n brief gestuur waarin hulle die groete oorbring. Die brief word aan die vergadering voorgelees:

“Aan de Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika 2005
p/a Deputate Betrekkinge Buitenlandse Kerke

Bodegraven (Nederland), 20 mei 2005

Geachte broeders in Christus,

Namens de Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) willen we u hartelijk groeten ter gelegenheid van uw Sinode 2005.

Graag waren wij aanwezig geweest tijdens uw synode, waartoe u ons ook hebt uitgenodigd. Zoals we uw deputaten BBK al hebben laten weten, zijn we helaas verhinderd om persoonlik op uw synode aanwezig te zijn, omdat uw synode valt in de week waarin de generale synode van onze kerken de relaties met buitenlandse kerken behandelt.

Omgekeerd was het uw deputaten BBK niet mogelijk om onze generale synode te bezoeken. Wel ontvingen we een boodskap van deze deputaten, namens uw kerken, die tijdens onze generale synode zeker voorgelezen zal worden.

In die boodskap beskryf u deputaten die besondere band die er nog steeds is tussen u en onze kerken, ook nu u al 50 jaar een eigen ontwikkeling doormaken. U is bly met die besondere band, die u van u kant evenzeer voel.

U verheug u erover dat wereldwijd, ook in Zuid-Afrika, ook in Nederland, kerken van die Here is, waar het evangelie trouw verkondig word, en waar mense tot geloof en bekering kom.

Binnen u kerken beleven we in u periode dat vele honderden jonge mense in u openbaar u geloof belijden. Een hoogtepunt in u kerkelike lewe!

Voor veel sake binne u kerkelike lewe is u dankbaar. Daarnaast is er ook sorg en moeite. Die betref met name u feit dat honderden broeders en zusters hebben gemeend u kerken te moet verlaten, om door middel van een zogenaamde ‘nuwe vrijmaking’ een eigen, afsonderlik kerkelike lewe te begin.

U deputaten BBK hebben u kritiek van u groep op u kerken gewogen en beoordeel. Dat hebben u na u indruk op een heel evenwichtige manier gedaan. Daar is u dankbaar voor.

In de afgelopen periode hebben wij als deputaten BBK van onze kerken intensief nagedacht over een eventuele zusterkerkrelatie met Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. We hebben de kritiek die uw deputaten Kontak Binnelandse Kerke, voor ons onverwachts, op de GKSA uitbrachten tijdens onze Generale Synode te Zuidhorn 2002, gewogen. Wij hebben als deputaten BBK gemeend dat die kritiek geen reden geeft om niet een zusterkerkrelatie met de GKSA aan te gaan. Het rapport aan onze generale synode is toegezonden, zowel aan uw deputaten BBK als aan uw deputaten KBK. Wij wachten af hoe onze synode over ons voorstel zal oordelen.

We hebben uit de pers vernomen dat u als synode een aantal moeilijke zaken te bespreken hebt, waarbij genoemd werden: de relatie met de GKSA, en de eigen theologische opleiding.

We wensen u veel wijsheid toe bij de bespreking van deze en van de andere onderwerpen. We wensen u toe dat uw synode eraan bijdraagt dat het evangelie steeds meer gestalte krijgt in uw plaatselijke kerken, zoals we dat voor onszelf ook wensen. En dat u, als klein kerkverband in het grote Zuid-Afrika, mag getuigen van het Licht dat in deze wereld gekomen is. Zodat u als Vrije Gereformeerde Kerke in Suid Afrika zelf een licht in de wereld bent, als een stad op een berg. Een stad op een berg hoeft niet groot te zijn om gezien te worden, en een lamp hoeft niet bijzonder sterk te zijn om op te vallen in het donker. We wensen u toe dat u als Vrije Gereformeerde Kerke zó een stad en een licht bent in uw Zuid-Afrikaanse context.

Met hartelijke broedergroet,
namens BBK sectie IV (Afrika),
namens de Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt),

ds Henk ten Brinke”

Artikel 11 Groetboodskap Canadian and American Reformed Churches

Op Dinsdagaand 24 Mei 2005 kry die afgevaardigde van die Canadian and American Reformed Churches, prof. Dr. C. van Dam, geleentheid om namens die kerke die groete oor te dra.

Die voorsitter beantwoord die groete met ‘n dankwoord en noem ook dat dit baie waardevol beskou word om ‘n afvaardiging te mag ontvang. Dit is die eerste afvaardiging na ‘n lang tyd.

Artikel 12 Groetboodskap Free Reformed Churches of Australia

Op Dinsdagaand 24 Mei 2005 kry die afgevaardigde van die Free Reformed Churches of Australia, br. G.B. Veenendaal geleentheid om namens die kerke die groete oor te dra. Br Veenendal spreek die vergadering soos volg toe:

“Esteemed Chairman and Brothers in our Lord Jesus Christ,

It was a short three years ago that we, as the Free Reformed Churches of Australia, were present in person at your synod Jo-burg 2002, and an even shorter less-than two years ago that Rev Nel represented your churches at our Synod Rockingham 2003. Even though the time between your synods since 2002, and our own synods since 2000, has lengthened from 2 to 3 years, yet the amount of contact between our bonds of churches has increased, and thankfully so! It is a pleasure to be here and to represent our churches here at your assembly once again. Your invitation, the warm welcome and the hospitality is very much appreciated.

And that is a very rich blessing, the fact that we can have contact and that we can support and encourage each other. After all, we don't have many sister churches entirely in the southern hemisphere, and who share the same seasons at the same time – all our other sister churches are different. And yes, we also share many people who fly across the Indian Ocean to share their expertise and experiences between us.

But more importantly, we face many of the same struggles and challenges. We live in a post-modern era in which “man” has taken center stage, yes, in fact has attempted to displace God, push God aside and become the supreme ruler. And when such acts of secularisation, yes even revolution, take place in the world, then we in the church need to be very much on guard in fighting these attacks. That means we are engaged in warfare. As Paul says to the Ephesians in chapter 6:17: *“And take the helmet of salvation, and the sword of the Spirit, which is the word of God;...”*. Yes we have the armour, the means by which we can triumph, namely: the Word and the Spirit. Paul then continues in verse 18, *“...praying always with all prayer and supplication in the Spirit, being watchful to this end with all perseverance and supplication for all the saints...”*, yes for ALL the saints, that includes you here in South Africa, and us in Australia, and those wherever the Lord gathers His church.

However, just having you here, and we back home, and others in this world, to give each other support and encouragement, is not, in itself, going to give success to the struggle of faith in the church; rather, it is the fact that we have a Head of the Church, the Lord Jesus Christ, who is the same Head for you in South Africa as well as for us in Australia. That is our hope, the fact, that (as we confess in Lord's Day 21 of the Heidelberg Catechism) *“...the Son of God, out of the whole human race, from the beginning of the world to its end, gathers, defends, and preserves for*

Himself, by His Spirit and Word, in the unity of the true faith, a church chosen to everlasting life...". What a rich confession that is! We are part of Christ's church-gathering work. And we know that this work continues, despite the attacks on the church, despite the shortcomings of the church...yes this work continues here in South Africa, and at home in Australia, and beyond. And together, we may confess that! Together, we may stand beneath our Head, waging the warfare against all those who oppose God, and fighting the good fight of faith.

In that light, I may, on behalf of our churches, extend our greetings to you as our sisters in South Africa. We thank you for the support and encouragement that you have offered to our churches and which Rev Nel, on behalf of your churches, extended to us at our last synod. It is assuring to know that we do not stand alone, but do receive the prayers and encouragement from you as our sister. It is comforting to know that the Lord also uses you as instruments to encourage us also in the way of faithfulness and obedience to His Word.

Your churches here in South Africa certainly are on the radar screen of our churches in Australia. Many of our churches actively support the work among the disenchanted, or National Reformation work as you chose to call it. We have a South Africa Support Committee appointed by the church at Kelmscott that enlists and coordinates the support received by our churches. Many of our churches hold regular collections and you will also, as a result, quite regularly hear the work here in South Africa being mentioned in the prayers from the pulpits! Yes, you yourselves, and God's work among you as churches, receive regular exposure and are alive in our thoughts and prayers.

The Lord has indeed blessed you in many ways. The mission work that you have been busy with for so many years has born rich fruits in the institution of two new churches, that at Mamelodi and at Soshungve-North. Not only that, but the Lord has blessed them with shepherds of the Word through Rev Mogale and Rev Magagula. And that mission work and outreach continues to grow! We stand in awe at how the Lord works in your midst. May He continue to bless the work that continues among your churches, in this region here as well as in Capetown. At the same time, we understand that a number of your ministers and missionaries have departed overseas, leaving some vacancies, most of which have also subsequently been filled. We pray that the Lord will bless your efforts as you continue to proclaim God's Word among the churches and the preaching points that you have. At the same time, you also have experienced difficulties with the dissolving of the church at Springs. We are reminded of our weaknesses and can only humble ourselves before God's sovereign good will. May the Lord work in the hearts of those that have left and cause them to seek His Will in complete obedience and humbleness. May He also continue to be near to those who remain, that they may continue to be a blessing and willing instruments in God's church gathering work.

And so, we encourage you as churches to stand strong in the faith and be faithful and obedient in the calling and commands that the Lord has set out before us. You have particular issues and challenges that you face, many of which you are dealing with at this synod. I think of the challenges that you face in the work of training for the ministry, the efforts to reach out to those in other churches who recognise deformation in their church, your relations with churches in this country as well as abroad, and even working together effectively and fruitfully, yourselves, as churches with different backgrounds and cultures.

As you deliberate and come to decisions and actions, continue to be mindful of the fact that this is the Lord's work that you are busy with, that beautiful task of church-gathering which God continues in and through us. What is impossible with us, is possible with God. Let us never underestimate the fact that this is His work, and that He is pleased to use us as stewards in His service. His work will continue.

In Australia, your sister churches have also experienced the Lord's blessings and guiding hand in church life. Since our last visit to you, we have grown by one church to 12 churches. Our newest arrival is the church at Darling Downs, instituted on 6 July 2003 and located between Armadale and Byford. She has, on numerous occasions, been affectionately called our little "Darling"(!). A quick scan of our Yearbook, reveals that our total membership has increased from 3480 in 2002 to 3650, an increase of almost 5%.

The last three years has also seen some movement among the ministers of the Word in our midst. Our church in Launceston sadly experienced difficulties when Rev Zuiddam withdrew from the Free Reformed churches in September 2002. However, thankfully, Launceston has just received a new minister of the Word in the person of Rev Eikelboom who was ordained only just two months ago. Rev Eikelboom came from Calgary, Canada, but originally hails from Western Australia, and so it is good to get one of the Aussie ministers back again! Bunbury received a minister just over a year ago, Rev Rupke who came to Australia from The Netherlands. Rev Bouwman, who, you may recall, visited you at your Synod Bethal in the year 2000, accepted a call to Yarrow in Canada, and he and his family departed just this past April. The church at Albany, after being vacant for quite some time, will now, the Lord willing, receive a shepherd in the person of Candidate Smith from Canada, who hopes to arrive next month with the installation expected shortly after. That leaves vacancies in the churches of Darling Downs and Kelmscott. However, we are very thankful for those who labour in the ministry, so that almost all of our churches have their own pastor and teacher. Yes, every one of our churches is blessed with the proclamation of the gospel twice every Sunday!

On the mission scene, our churches are busy on a number of fronts. The work in Papua New Guinea, in particular in Lae, is organised by the church at Armadale with a number of

cooperating churches including Byford, Darling Downs and West Albany, and a further number of supporting churches. We have been able to call a minister for this work, Rev Wildeboer, who graduated last year from the theological college in Canada, was installed last year November, and is currently undergoing a training program in Canada in preparation for commencing his duties in Lae. In addition we have br Justin Bolhuis who is currently the mission worker there, and br Andrew VanderHeide who is undergoing training presently. You may be interested to know that the two brothers currently being trained are under the tutelage of Professor de Visser who is no stranger to you! Further mission activities include the work of Mount Nasura in supporting mission work in India, and the work by Rockingham in supporting a number of indigenous evangelists among the churches in Indonesia.

As churches, we continue to maintain sister church relations with the Canadian Reformed Churches, the Reformed Churches (liberated) in the Netherlands, the (Kosin) Presbyterian Churches of Korea, the Gereja Gereja Reformasi Indonesia, and, of course, yourselves. Although we recognise the Reformed Churches of New Zealand as true and faithful churches, we have not yet recognised them formally as sister churches because of their third party sister relations with the Christian Reformed Churches of Australia. Our contact with the Presbyterian Churches of Eastern Australia had stalled over the past years, so our last synod made an extra effort to “re-engage the PCEA in effective discussions about the matters of concern using the statements of [prepared by our synod of] 1998...” regarding the fencing of the Lord’s table, the supervision of the pulpit and the place of children in the covenant. We also continue to have contacts with the Gereja Gereja Reformasi Calvin churches in East Timor, and the Reformed Free Churches of the Philippines. As you can see, we too have many things to be busy with. God has indeed richly blessed us and given us much to be thankful for, and at the same time has also given us many challenges. Continue to pray for us that we too may be faithful and obedient in our God-given task and may continue to be a blessing in His service and for His church-preservation work.

In conclusion, may the Lord bless your endeavours and deliberations here at your synod, that the decisions you make may be according to God’s revealed Word, to the praise of His honour and glory, and a blessing to the churches here and abroad. May the Lord continue to be with you as churches and may His Word continue to be proclaimed and witnessed in this part of God’s world.

Thankyou.

On behalf of the Australian Deputies for Sister Church Relations

Bert Veenendaal”

Die voorsitter beantwoord die groetboodskap met ‘n dankwoord en noem ook dat ons dankbaar is dat daar nou reeds drie sinodes na mekaar ‘n afvaardiging mag wees.

Artikel 13 Groetboodskap Gereformeerde Kerke van Suid Afrika

Op Donderdag oggend 26 Mei 2005 kry die afgevaardigde van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika, ds. B. Fourie geleentheid om namens die kerke die groete oor te dra.

Die voorsitter beantwoord die groetboodskap met 'n dankwoord en noem ook dat uit die verslae dit duidelik blyk ons gesprekke en samewerking gebreke gehad het. Die onderneming word gegee om hieraan te verbeter.

Artikel 14 Voorstel i.s. deelname aan nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

Dokumentasie:

Voorstel van Klassis B is ontvang met twee bylaes, i.s. deelname aan 'n bron georiënteerde vertaling van die Bybel.

Die Sinode besluit die volgende:

1. Die Sinode spreek sy dank uit oor die positiewe verwickelinge rondom 'n volgende Afrikaanse bron-georiënteerde vertaling.

Grond:

Die VGKSA's werk al etlike jare na 'n nuwe uitgawe van die Bybel in Afrikaans wat brontaal georiënteer is.

2. Die Sinode wys weer deputate aan vir Bybelvertaling.

Grond:

Die taak van die kerk in die toesig en betrokkenheid by die vertaling van God se Woord is onmisbaar.

3. Dié Deputate Bybelvertaling kry opdrag om:
 - 3.1 Toesig te hou oor en betrokke te wees by die nuwe verwickelinge rondom die komende vertaling
 - 3.2 Die kerke op hoogte te hou ten opsigte van die vordering en verwickelinge met die vertaling
 - 3.3 Terug te rapporteer aan die volgende sinode.

Grond:

Die Deputate verteenwoordig die VGKSA's.

4. Die Sinode keur die amptelike brief goed waarin die kerke uitspreek dat hulle die komende vertaling verwelkom.

Grond:

Op die manier kry die brief formele status van die kerke.

Artikel 15 Voorstel i.s. herindeling klassisse

Dokumentasie:

Voorstelle van Klassis A en van Klassis B i.s. herindeling klassisse.

Die Sinode besluit dat die Klassisse as volg ingedeel word:

1. Klassis Noord: Mamelodi, Pretoria, Pretoria-Maranata en Soshanguve-Noord
2. Klassis Suid: Bethal, Johannesburg, en Kaapstad.

Gronde:

1. Met die opheffing van Springs sal Klassis A krimp na 2 kerke, terwyl Klassis B bestaan uit 5 kerke
2. Die kerke in en om Pretoria werk reeds saam wat sending betref en dit is dus beter as hulle saam in een Klassis ingedeel word.

Die Sinode besluit verder dat Soshanguve-Noord die sameroepende kerk is vir die eerste vergadering van Klassis Noord en Kaapstad vir die eerste vergadering van Klassis Suid en dat die eerste vergadering van die klassisse voor September 2005 saamgeroep sal word. Die ou argief van Klassis A moet oorgedra word aan Kaapstad en die ou argief van Klassis B aan Pretoria-Maranata.

Artikel 16 Voorstel i.s. kerkverbandelike administrateur

Dokumentasie:

Voorstel van Klassis B met bylae, i.s. aanstelling van 'n kerkverbandelike administrateur. Sien bylae.....

Die Sinode oorweeg:

1. dat met die groei van die kerkverband, die administrasie ook steeds meer word
2. dat sekere administratiewe take in die verlede nie na wense voltooi is nie
3. daar 'n gebrek aan koördinasie en deursigtigheid hierdeur ontstaan het
4. dat die moontlike finansiële implikasie van hierdie voorstel nie genoem word nie.

Die Sinode oordeel:

1. dat die voorstel van Klassis B positief oorweeg moet word
2. dat daarteen gewaak moet word dat die verantwoordelikhede van ander gemagtigdes, soos bv. deputate en die roepende kerk, nie in gedrang kom nie
3. dat gesien die gebreke wat in die verlede aanwysbaar was, die moontlikheid om dit reg te stel aangegryp moet word.

Die Sinode besluit:

1. Om 'n administrateur aan te stel wat slegs die administratiewe take sal vervul wat betrekking het op die werk van sinodes en dan slegs op versoek van die sameroepende kerk of in direkte opdrag van die sinode
2. Hierdie administrateur sal in samewerking met die archiefbewarende kerk die sorg dra vir die argief
3. Om op hierdie stadium die onkoste wat in hierdie verband gemaak word

te dra, maar gesien die huidige finansiële prioriteite binne die kerkverband, geen betaalde pos hiervan te maak nie.

Artikel 17 Voorstel i.s. aanvulling deputate by vakatures

Dokumentasie:

Voorstel van Klassis B.

Die Sinode besluit:

1. Dat soveel as moontlik sekundi aangewys moet word vir kleiner deputaatskappe;
2. Dat ingeval die sekundi nie beskikbaar is nie die deputaatskappe die bevoegdheid het om by die ontstaan van vakatures, self geskikte persone voor te stel om die opdrag van die deputaatskap uit te voer. Hierdie voorstelle moet aan die klassisse voorgelê word vir goedkeuring.

Grond:

Die geskiedenis het bewys dat baie deputaatskappe nie hul opdrag kon uitvoer weens die vertrek van benoemde deputate, wat die rede ookal mag wees, sodat daar nie voldoende mannekrag was om die opdrag uit te voer.

Artikel 18 Voorstel i.s. vasstelling kerkverbandelike bydraes

Dokumentasie:

Voorstel van Klassis A.

Die Sinode oorweeg:

1. Dat die huidige gelyke verdeling van kerklike onkoste nie meer 'n eerlike verdeling tussen die kerke is nie. Met die toetreding van die sendingkerke tot die kerkverband, waar die inkomste gewoonlik laer is as in die bestaande kerke, gaan dit die jong kerke finansiël kniehalter.
2. Dat, soos in die voorstel van Klassis A tereg opgemerk word, die sinode self geen besef het van die totale finansiële implikasies, van die aanvraag in die rapport van die deputate nie.
3. Deurdat die rapporte van deputate nie voor die sinode na die kwesoor gestuur word nie, kan hy ook nie die sinode dien met 'n begroting vir die volgende 3 jaar nie.

Die Sinode oordeel:

1. Dat 'n nuwe manier gevind moet word om reg te doen aan die finansiële drakrag van die verskillende gemeentes.
2. Dat 'n limiet gestel moet word aan die totale kerkverbandelike onkoste.
3. Dat die verdeling van die vasgestelde limiet oor die verskillende deputaatskappe deur die sinode self, voor verdaging, gedoen behoort te word.

Die Sinode besluit:

1. Om die kerkverbandelike verpligtings onder die kerke te verdeel op 'n skaal wat bepaal word volgens die inkomste wat in die afsonderlike begrotings van die kerke self genoem word.
2. Dat die huidige som van die kerkverbandelike onkoste as limiet gestel word wat jaarliks met die inflasiesyfer aangepas kan word.
3. Dat die sinode self bepaal, aan die einde van die sitting, of hierdie bedrag oorskry is, en waar nodig aanpassings te maak in die aansoek van deputate.
4. Dat waar kerke, ondanks die skaal, nie ten volle hulle bedrae tot kerkverbandelike kostes kan betaal nie, dit via deputate hulpbehoewende kerke moontlik gemaak moet word, tot tyd en wyl die skaalverdeling reggestel kan word.
5. Dat 'n deputaatskap aangestel word om die opstelling van 'n skaal te ondersoek, dit vas te stel en dan die kerke daarvan in kennis te stel.

Artikel 19 Voorstel i.s. onkoste klassis

Dokumentasie:

Voorstel van Klassis A.

Na bespreking blyk dat die voorstel 'n blote herhaling is van die besluit van Johannesburg 2002, artikel 17, onder 3. Die klassis afgevaardigdes trek daarom die voorstel terug.

Artikel 20 Instruksie i.s. opheffing VGK te Springs

Dokumentasie:

1. Instruksie van Klassis A
2. Akte van opheffing van Springs
3. Akte van losmaking van ds. R.M. Retief
4. Brief van Klassis A aan Johannesburg.

Sien bylae....

Die Sinode neem kennis van die opheffing van die gemeente van Springs en besluit om die deputate i.s. artikel 11 KO op te dra om, indien Johannesburg sou aansoek doen om hulp, hierin die nodige middele te verskaf ooreenkomstig die gemaakte afsprake.

Artikel 21 Beswaarskrif R.F. van den Berg

Dokumentasie:

1. Die sinode ontvang 'n beswaarskrif van br. R. F van den Berg gedateer 16 Mei 2005.

2. Die dokumentasie bereik die roepende kerk op Vrydag 20 Mei 2005 waarna dit versprei word aan al die afgevaardigdes.
3. Afgevaardigdes neem kennis van die dokumentasie op 'n baie laat stadium of ontvang dit eers tydens die opening van die sinode.

Besluit:

Die beswaarskrif van Br. R.F van den Berg word as onontvanklik verklaar.

Gronde:

1. Br. Van den Berg het nog geen amptelike korrespondensie van klassis B ontvang ten opsigte van sy beswaarskrif soos ingedien op die klassis op 19 Maart 2005 nie.
2. Die broeder het dus nog nie die amptelike berig van die gronde van klassis B se besluit ontvang nie.
3. Die broeder moet eers die geleentheid en tyd neem om die argumente van klassis B voor die aangesig van die Here te oorweeg voordat hy in verdere beroep kan gaan.

Artikel 22 Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK)

Dokumentasie:

1. Voorstel betreffende BBK van Klassis B
2. Rapport van die deputate BBK.

Sien bylae....

Die voorstel van Klassis B word as mees verstrekkende eerste in stemming gebring.

Die Sinode besluit:

1. om die opdrag van die BBK so ver moontlik te beperk tot die onderhou van die kerkelike korrespondensie met bestaande susterkerke
2. om die kontakte wat reeds in Afrika bestaan te hanteer via die ICRC of die susterkerke (inklusief die IRTT in Nederland).

Gronde:

1. Beskikbare en tersaaklike deskundige mannekrag is skaars
2. Die mannekrag kan beter benut word vir sake met 'n hoër prioriteit
3. Die meeste kontakte met kerkgroepe in Afrika gebeur via die sending
4. Dit sal eventuele konflik tussen BBK en sending vermy
5. Ons is te klein om 'n behoorlike ondersoek te doen na die gereformeerde gehalte van kerke en sal daarin die oordeel van ons susterskerke moet aanvaar
6. Die sinode het reeds besluit dat die grootte van BBK verminder kan word tot 4 persone (Handelinge 1998, art. 44).

Die Sinode besluit verder:

A. Kontakte met susterkerke

1. Om volgens die vasgestelde reëls as susterkerke die kerklike korrespondensie met die “Free Reformed Churches of Australia” voort te sit.

Grond:

Die FRCA wys dat hulle trou is aan die Woord van God, die gereformeerde belydenisskrifte en die gereformeerde kerkorde.

2. Om die deputate te magtig om 'n afgevaardigde na die eerskomende sinode van die FRCA te stuur en die kerke daar voorligting oor ons kerke te gee.

Gronde:

- a. Persoonlike besoeke aan sinodes is nuttig om bande te onderhou en verder te versterk.
- b. Ons is twee klein kerkverbande met 'n vergelykbare agtergrond wat mekaar goed kan ondersteun en van mekaar kan leer.
- c. Deurdat hul sinodes van korter duur is, bied dit ons afgevaardigdes 'n goeie geleentheid om 'n totaalbeeld van werksaamhede te vorm.

3. Om volgens die vasgestelde reëls as susterkerke die kerklike korrespondensie met die “Canadian Reformed Churches” voort te sit.

Grond:

Die CanRC wys dat hulle trou is aan die Woord van God, die gereformeerde belydenisskrifte en die gereformeerde kerkorde.

4. Om die deputate te magtig om 'n afgevaardigde na die eerskomende sinode van die CanRC te stuur en die kerke daar voorligting oor ons kerke te gee.

Gronde:

- a. Persoonlike besoeke aan sinodes is nuttig om bande te onderhou en verder te versterk.
- b. Ons is twee kerkverbande met 'n vergelykbare agtergrond wat mekaar goed kan ondersteun en van mekaar kan leer.
- c. Deurdat hul sinodes van korter duur is, bied dit ons afgevaardigdes 'n goeie geleentheid om 'n totaalbeeld van werksaamhede te vorm.

5. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie met die GKNv voort te sit.

Grond:

Die GKNv wys dat hulle trou is aan die Woord van God, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Gereformeerde Kerkorde.

6. Om deputate op te dra om die ontwikkelinge in die GKNv noukeurig dop te hou.

Gronde:

- a. Daar is aanduidings van kommerwekkende tendense in die GKNv.

- b. Die besluite van die sinode van Amersfoort, 2005, sal waarskynlik meer duidelikheid verskaf oor die koers wat die GKNv gaan volg met betrekking tot die sake waarvoor verskil van mening bestaan.

7. Om aan die versoek tot susterkerkrelasie met die GKNn nie te voldoen nie.

Gronde:

- a. Die versoek van die GKNn is gegrond op 'n onjuiste voorstelling van die situasie en van sinode-uitsprake
- b. Die VGKSA onderhou 'n volle susterskerkrelasie met die GKNv en sal nie 'n ander verhouding met 'n kerkverband begin in Nederland sonder om eers met die GKNv die saak te bespreek.

8. Om die GKNn op te roep om hulle onttrekking uit die GKNv te heroorweeg en die kerklike pad voluit te loop (byvoeging van deputate se Bylae 2 kan oorweeg word ter ondersteuning).

Gronde:

- a. Die versoek van die GKNn is gegrond op 'n onjuiste voorstelling van die situasie en van sinodeuitsprake
- b. Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor medegelowiges om hulle tot eenheid in waarheid op te roep (Joh. 17).

9. Om die inligtingstuk, soos deur DBBK aan die sinode voorgelê, vir toekomstige kontakte te gebruik om die VGKSA bekend te stel.

Grond:

Vir kerke waarmee die DBBK slegs verkennende kontakte het is dit in die fase meer sinvol om basiese inligting oor die VGKSA te verskaf.

10. Om die Handeling van die Sinode na die VGKSA se susterkerke te stuur.

Gronde:

- a. Om sinodehandeling na susterkerke te stuur is 'n goeie manier om die meelewe met mekaar as gelowiges te bevorder.
- b. Die stuur van sinodehandeling na susterkerke is sinvol omdat hulle die VGKSA se situasie redelik goed ken.

11. Om die Handeling te stuur na ander kerke waarmee gevorderde kontakte bestaan, soos byv. die FCSA.

Grond:

Om sinodehandeling na sulke kerke te stuur is 'n goeie manier om die meelewe met mekaar as gelowiges te bevorder.

B. Reformed Churches of New Zealand

1. Om deputate op te dra om kontakte met die RCNZ te hou op die huidige vlak van uitwisseling van inligting sodat ons op die hoogte bly van ontwikkelinge.

Gronde:

- a. Sinode Bethal het besluit om te fokus om ons eie Regio.
- b. In ooreenstemming met die beleid van sinode Bethal lê dit voor die hand om intensiewer kontakte met die RCNZ aan die FRCA oor te laat.
- c. Terwille van emigrante wat vanuit ons kerke na Nieu Seeland wil verhuis is dit goed om op die hoogte te bly van ontwikkelings.

C. Kontakte met kerke in Afrika

1. Om 'n afgevaardigde te stuur na die volgende ICRC Sendingskonferensie wat D.V. in 2007 in Kenia gehou sal word.

Gronde:

- a. Dit bied 'n geleentheid om Afrikaanse kerke te leer ken (agtergrond, probleme, werkswyse) d.w.s. om kontakte met kerke van gereformeerde agtergrond in Afrika te ondersoek/versterk en te deel in hulpverlening.
 - b. Dit bied aan Afrika kerke 'n geleentheid om die VGKSA te leer ken
 - c. Dit bied 'n geleentheid om die werkswyse van ander (sending en welsyn) organisasies, wat by Afrika kerke betrokke is, beter te leer ken.
2. Om deputate op te dra om die FCSA na VGKSA sinodes te nooi (status van waarnemers). Vergaderdatums van VGKSA sinodes moet verkieslik so gekies word dat dit nie met die FCSA se General Assembly vergaderdatums (begin Mei) bots nie.

Gronde:

- a. Beide die FCSA en die VGKSA is lidkerke van die ICRC
 - b. Die FCSA nooi reeds die VGKSA uit tot bywoning van hulle General Assemblies.
 - c. Taal is nie 'n onoorkomelike probleem nie.
3. Om deputate op te dra om die volgende FCSA General Assembly by te woon en vir die volgende Sinode 'n teologiese beoordeling van die FCSA te maak.

Grond:

- a. Om te weet waar staan die FCSA teologies
- b. Waar moontlik Xhosa sprekende gelowiges na die FCSA te verwys.

D. Kontakte met kerke in Noord Amerika

1. Om op hoogte te bly met kerklike ontwikkelinge in Noord-Amerika.

Gronde:

- a. Kontakte wat die CanRC met ander kerke onderhou kan moontlik ook vir die VGKSA belangrik wees.
- b. Van die betrokke kerke is lidkerke van die ICRC.

E. Orige Take

1. Om die lidmaatskap van die ICRC voort te sit.

Gronde:

- a. Die ICRC is 'n organisasie wat 'n Gereformeerde grondslag het, toesig hou oor die lidmaatskap van kerke, en blyk die grondslag te wil handhaaf.
 - b. Die ICRC verskaf ons kerke die geleentheid om met Gereformeerde kerke regoor die wêreld kontak te onderhou
 - c. Die ICRC help by die besinning en koördinerings van sendingwerk en kan dus ook ons sendingwerk ten goede kom
2. Om die deputate op te dra om waar moontlik die kerkrade van inligting oor buitelandse kerke te voorsien.
 3. Om die deputate op te dra om die kerke te dien met inligting oor gebeurtenisse in buitelandse kerke.

Grond:

In ons moderne samelewing word dit steeds meer algemeen dat lidmate van ons kerke vir korter of langer tyd na ander lande reis. Om verantwoorde aanbevelings insake kerkkeuses vir hierdie reisende broeders en susters te kan maak is dit belangrik om inligting oor buitelandse kerke te kry.

4. Om die konsep-jaarboek goed te keur.
5. Om nuwe deputate op te dra om die bekendstellingsboekie tot die finale vorm te verwerk en dit voor die ICRC Konferensie in Oktober 2005, beskikbaar te stel.

Gronde:

- a. Omdat die VGKSA as gas-kerk vir die ICRC Konferensie optree, is dit sinvol om 'n publikasie te hê waarmee die VGKSA bekendgestel kan word.
- b. Vir kontakte met ander kerke is 'n bekendstellingsboek sinvol.

F. Kontakte met ander Kerke

1. Om op hierdie stadium die band met die PCEA nie te intensiveer en te formaliseer nie, maar wel op die hoogte van ontwikkelings in die kerke te bly.

Gronde:

- a. Sinode Bethal het besluit om te fokus op ons eie Regio.
 - b. In ooreenstemming met die beleid van sinode Bethal lê dit voor die hand om intensiewer kontakte met die PCEA oor te laat aan die FRCA.
 - c. Terwille van emigrante wat vanuit ons kerke na Oos-Australië wil verhuis is dit goed om op die hoogte te bly van ontwikkelings.
2. Om die deputate op te dra om intensiewe kontakte te soek met die JKC en die sendelinge van Nam-Chun PC(K), met die oog op verhoudingsbou en met die oog op die moontlikheid van samewerking insake teologiese opleiding.

Gronde:

- a. Veel herkenning het plaasgevind
- b. Nadere kontakte op deurlopende basis kan aan die sinode meer inligting

bied oor verantwoorde besluitneming in die verband.

G. Begroting

Om die volgende begroting vir die volgende 3 jaar vir deputate toe te wys:

1. ICRC lidmaatskapfooi	R600.00
2. Reis- en verblyfkoste vir 2 afgevaardigdes na die ICRC Sendingkonferensie 2007	R18,000.00
3. Reiskoste vir 1 afgevaardigde na die FRCA sinode 2006	R9,000.00
4. Reiskoste vir 1 afgevaardigde na die CanRC sinode 2007	R15,000.00
5. Verdere koste (versending van Handeline, plaaslike reiskoste, ens.)	R900.00
	Totaal: R43,500.00
	Per jaar: R14,500.00

Artikel 23 Deputate vir Kontakte met Binnelandse Kerke (KBK)

Dokumentasie:

Verslag deputate KBK (Sien bylae

Die Sinode besluit:

1. Dat die opdrag aan deputate, om verslag te lewer aan die GKN(v) oor die verwickelinge in die NG Kerk, nietig verklaar word.

Gronde:

- a. Die taak is te omvattend
 - b. Dit het weinig nut
2. Dat die deputate die plaaslike kerke deeglik inlig en op hoogte bring rakende die gesprekke tussen die GKSA en VGKSA, soos weergegee in die deputate verslag. Die verslag moet eers aan die deputate van die GKSA voorgelê word vir insette om die korrektheid te verseker.

Gronde:

- a. Die gesprek tussen die twee kerke is van uiterste belang en verdien, gesien ons belydenis oor die eenheid van die Kerk ons hartgrondige gebed en besinning.
 - b. Kerke kan met verantwoording gesprek voer oor die belangrike saak
 - c. Daar word soms heel ligtelik met die saak omgegaan
3. Dat die VGKSA opnuut haar hartlike begeerte uitspreek om waarlik een te wees met die GKSA in terme van Skrif en Belydenis.

Grond:

Die oproep van Christus tot die eenheid van die Kerk is 'n roeping waaraan elke gereformeerde, skrifgehoorsame kerk die grootste erns moet verleen.

4. Dat die deputate die GKSA deputate vra om 'n konfessioneel gebaseerde beoordeling te gee van die GKSA se verhouding ten opsigte van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Nederduits Hervormde Kerk.

Gronde:

- a. Die GKSA se beoordeling van hierdie kerke, op grond van die gereformeerde Belydenis, wat GKSA bely oor die ware en valse kerk, is onduidelik vir die VGKSA
 - b. In die lig van die VGKSA se besware oor kerklike kontakte van die GKSA sal so 'n uitspraak verhelderend en konstruktief inwerk.
5. Dat daar kennis geneem word dat die kontakte van die GKSA met die NGK en NHK geen nuwe saak in die gesprek tussen die twee kerke is nie.

Gronde:

- a. Die oorsig vanuit die verslag wys dat dit 'n baie bekende en ou onderwerp in die gesprekke is.
 - b. Dit is en bly 'n belangrike saak wat die gesprekke beïnvloed.
6. Dat die deputate hul siening van kerk en kerkverband in die lig van Skrif en Belydenis konkreet beskryf en die deputate van die GKSA versoek om dieselfde te doen.

Gronde:

- a. Dit blyk uit verskillende bronne dat daar 'n wesenlike verskil mag bestaan
 - b. Die saak is in die verlede deur verteenwoordigers uit beide kerke gesien as iets waaroor hulle verskil
 - c. Konsensus hieroor is belangrik om na eenheid te beweeg.
7. Dat die Sosiohistoriese metode in die lig van die hermeneutiese uitgangspunte soos vasgestel op die GKSA se sinode van 1988 met die deputate van die GKSA bespreek word.
 8. Dat deputate van die VGKSA die aard van die binding aan die gereformeerde belydenis bespreek met die deputate van die GKSA.

Grond:

Eenheid in belydenis vorm die basis van ware kerkeenheid.

9. Dat die deputate navraag doen by die GKSA deputate wat die verhouding met die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke inhou.
10. Dat die deputate die besluit van die jongste sinode van die GKSA, om vroue tot die amp van diaken toe te laat, sal evalueer.
11. Dat deputate die moontlikhede ondersoek van maniere vir samewerking met die GKSA soos bv. die tussen kerkelike raad (TKR).

Artikel 24 Deputate Werk onder Verontrustes (DWOV)

Dokumentasie:

Verslag Deputate Werk onder verontrustes (Sien bylae)

Die Sinode besluit:

1. Om geen nuwe deputate aan te stel nie.

Grond:

Die DWoV se unieke taak is gebore in 'n noodsituasie waar deformatsie teen 'n ongekende spoed in die land se grootste kerkverbande plaasvind. Die doel was om verontruste kerke en gelowiges wat in nood verkeer te help. Die eerste vloedgolf van verontrusting in die NGKe het egter verbygegaan. Baie verontrustes het reeds 'n ander tuiste gevind. Dit blyk verder dat daar weinig verontrustes is wat hulp van buite hul eie kerkverband verlang. Die opkomende verontrusting in die GKSA lê op 'n ander vlak as dié van die NGKe en val eerder op die werkterrein van KBK.

2. Om die werk onder verontrustes aan te beveel by kerkrade.

Grond:

Hoewel daar nie groot getalle verontrustes is nie, is elke gemeente in kontak met enkele verontrustes. Verskeie kerkrade het reeds met sukses verontrustes opgespoor en bedien.

3. Om die kerke in Australië van die verandering in kennis te stel.
4. Om die oorblywende gelde aan VGK Bethal oor te dra.

Artikel 25 Deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere

Dokumentasie:

Verslag Deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere (Sien bylae)

Die Sinode besluit om die kerkorde as volg te wysig:

Om die woorde in **Artikel 5: Roeping tot die diens van die Woord**: “Die eksamen ... sal plaasvind in die teenwoordigheid van die deputate van die **partikuliere sinode** ...”

te verander na: “Die eksamen ... sal plaasvind in die teenwoordigheid van die **sinodale deputate vir die klassis** ...” (volgens art. 49 KO).

Om die woorde in **Artikel 6: Beroep na 'n ander kerk**: “... die beroepbaarheid van predikante wat buite **Nederland** in kerke van gereformeerde belydenis gedien het”

te verander na: "... die beroepbaarheid van predikante wat buite **Suid-Afrika** in kerke van gereformeerde belydenis gedien het".

Om die woorde in **Artikel 6: Beroep na 'n ander kerk**: "die herhaalde beroeping van dieselfde predikant in dieselfde vakature"

te verander na: "Dieselfde predikant mag nie herhaaldelik in dieselfde vakature beroep word sonder toestemming van die klassis nie."

Om die woorde in **Artikel 8: Toelating sonder teologiese opleiding**: "As sulke persone toelating tot die diens van die Woord vra, sal die klassis hulle eksamineer na toestemming deur die **partikuliere sinode**"

te verander na: "As sulke persone toelating tot die diens van die Woord vra, sal die klassis hulle eksamineer na toestemming deur die **sinodale deputate vir die klassis**."

Om die woorde in **Artikel 9: Toelating van voorgangers wat nog nie lank lid van een van die kerke is nie**: "Indien die klassis en die deputate van die **partikuliere sinode** dit nodig ag, sal hulle eers 'n proef tydperk deurmaak"

te verander na: "Indien die klassis en die **sinodale deputate vir die klassis** dit nodig ag, sal hulle eers 'n proef tydperk deurmaak".

Om die woorde in **Artikel 14: Ontslag van verbintenis aan die gemeente**: "Die kerkraad mag nie 'n predikant van sy verbintenis aan 'n gemeente ontslaan sonder medewete en goedkeuring van die klassis en die deputate van die **partikuliere sinode** nie"

te verander na: "Die kerkraad mag nie 'n predikant van sy verbintenis aan 'n gemeente ontslaan sonder medewete en goedkeuring van die klassis en die **sinodale deputate vir die klassis** nie".

Om die woorde in **Artikel 15: Ontheffing uit die amp**: "Hy kan slegs van sy amp onthef word en oorgaan tot 'n ander staat van lewe, indien die kerkraad en die klassis, met medewerking van die deputate van die **partikuliere sinode**, van oordeel is dat daar gewigtige redes voor is"

te verander na: "Hy kan slegs van sy amp onthef word en oorgaan tot 'n ander staat van lewe, indien die kerkraad en die klassis, met medewerking van die **sinodale deputate vir die klassis**, van oordeel is dat daar gewigtige redes voor is".

Om die woorde in **Artikel 28: Vier vergaderings**:

te verander na: **Drie vergaderings**.

Om die woorde in **Artikel 28**: "**Vier** kerklike vergaderings sal gereeld gehou word: die kerkraad, die klassis, **die partikuliere sinode** en die **algemene sinode**"

te verander na: “**Drie** kerklike vergaderings sal gereeld gehou word: die kerkraad, die klassis en die **sinode**”

Om in **Artikel 31: Beroep op ‘n meerdere vergadering:** te voeg na die eerste paragraaf: “As meerdere vergadering kan die **ander klassis** ook dien.” (M.a.w. Kerkraad – Klassis – Ander klassis – Sinode).

Om die woorde in **Artikel 35: Bevoegdheid van die meerdere vergaderings ten opsigte van die mindere:** “Die klassis het die bevoegdheid om regsgeldige uitsprake te doen ten opsigte van die kerkraad. Dit geld ook vir die **partikuliere sinode** ten opsigte van die klassis **en vir die algemene sinode ten opsigte van die partikuliere sinode**”

te verander na: “Die klassis het die bevoegdheid om regsgeldige uitsprake te doen ten opsigte van die kerkraad. Dit geld ook vir die **sinode** ten opsigte van die klassis.

Om die woorde in **Artikel 39: Plekke sonder kerkraad:** “Die klassis sal die plekke waar daar nog geen kerkraad kan wees nie, onder die sorg van ‘n **naburige** kerkraad plaas.”

te verander na: “Die klassis sal die plekke waar daar nog geen kerkraad kan wees nie, onder die sorg van ‘n **hulpverlenende** kerkraad plaas.”

Om die woorde in **Artikel 41: Klassikale vergaderings:** “So ‘n vergadering sal minstens een maal elke **drie** maande belê word”

te verander na: “So ‘n vergadering sal minstens een maal elke **ses** maande belê word”.

Om die woorde in **Artikel 41: Klassikale vergaderings:** “In die laaste vergadering voor ‘n **partikuliere sinode** sal die afgevaardigdes na daardie sinode gekies word”

te verander na: “In die laaste vergadering voor ‘n **sinode** sal die afgevaardigdes na daardie sinode gekies word”.

Om aan **Artikel 45: Partikuliere sinodes** toe te voeg: “Indien ‘n partikuliere sinode gevorm kan word, sal dit bestaan uit ‘n aantal naburige klassisse.”

Om die titel van **Artikel 46: Die algemene sinode:**

te verander na: **Die sinode.**

Om die woorde in **Artikel 46: Die sinode:** “Die **algemene sinode** sal een keer in drie jaar gehou word, tensy daar dringende redes is om eerder te vergader. Elke **partikuliere sinode** vaardig **twee** predikante en **twee** ouderlinge af. Indien die **algemene sinode** na die oordeel van **ten minste twee partikuliere sinodes** binne die drie jaar saamgeroep moet word, sal die aangewese sameroepende kerk die tyd en plek daarvoor vasstel met die goedkeuring van sy **partikuliere sinode**”

te verander na: “Die **sinode** sal een keer in drie jaar gehou word, tensy daar dringende redes is om eerder te vergader. Elke **klassis** vaardig **drie** predikante en **drie** ouderlinge af. Indien die **sinode** na die oordeel van ’n **klassis** binne die drie jaar saamgeroep moet word, sal die aangewese sameroepende kerk die tyd en plek daarvoor vasstel met die goedkeuring van sy **klassis**”.

Om die woorde in **Artikel 47: Verhouding met buitelandse kerke**: “Die **algemene sinode** beslis oor die verhouding met kerke in die buiteland”

te verander na: “Die **sinode** beslis oor die verhouding met kerke in die buiteland”.

Om die woorde in **Artikel 49: Deputate van meerdere vergaderings**: “Die **partikuliere sinode** sal ook deputate benoem wat die klassisse moet bystaan in alle gevalle waar die Kerkorde dit voorskryf, en – op versoek van die klassisse – by spesiale probleme.”

te verander na: “Die **sinode** sal ook deputate benoem wat die klassisse moet bystaan in alle gevalle waar die Kerkorde dit voorskryf, en – op versoek van die klassisse – by spesiale probleme.”

Om die woorde in **Artikel 52: Verteenwoordiging van die kerke in regsake rakende kapitaalbesit**: “Ten opsigte van regsake rakende kapitaalbesit wat die kerke in klassikale, **partikulier-sinodale of algemeen-sinodale** verband gemeenskaplik het, word hulle verteenwoordig deur die klassikale, **partikulier-sinodale of algemeen-sinodale** vergaderings, of deur deputate wat deur hierdie vergaderings benoem word ...”

te verander na: “Ten opsigte van regsake rakende kapitaalbesit wat die kerke in klassikale **of sinodale** verband gemeenskaplik het, word hulle verteenwoordig deur die klassikale **of sinodale** vergaderings, of deur deputate wat deur hierdie vergaderings benoem word ...”.

Om die woorde in **Artikel 53: Ondertekening van die belydenis deur predikante en dosente**: “Die predikante, die professore en die ander dosente aan die Teologiese Universiteit sal die drie formuliere van eenheid van die **Gereformeerde Kerke in Nederland** onderteken ...”

te verander na: “Die predikante en die dosente aan die Teologiese Opleiding sal die drie formuliere van eenheid van die **Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika** onderteken ...”

Om die woorde in **Artikel 65: Die erediens op die dag van die Here**: “Die kerke sal hulle hou by die orde van diens wat deur die **algemene sinode** goedgekeur is”

te verander na: “Die kerke sal hulle hou by die orde van diens wat deur die **sinode** goedgekeur is”.

Om die woorde in **Artikel 67: Psalms en gesange**: “In die erediens sal die

psalms gesing word volgens 'n beryming wat deur die **algemene sinode** aanvaar is ...”

te verander na: “In die erediens sal die psalms gesing word volgens 'n beryming wat deur die **sinode** aanvaar is ...”.

Om die woorde in **Artikel 69: Biddae**: “In tye van oorlog, algemene rampe en ander groot probleme waarvan alle kerke die druk ervaar, sal 'n biddag uitgeskryf word deur die klassis wat deur die laaste **algemene sinode** daarvoor aangewys is”

te verander na: “In tye van oorlog, algemene rampe en ander groot probleme waarvan alle kerke die druk ervaar, sal 'n biddag uitgeskryf word deur die klassis wat deur die laaste **sinode** daarvoor aangewys is”.

Om die titel in **Artikel 78: Heropneming van geëkskommuniseerdes**:

te verander na: **Heropneming van geëkskommunikeerdes**.

Om die woorde in **Artikel 78: Heropneming van geëkskommunikeerdes**: “As 'n **geëkskommuniseerde** langs die weg van berou ...”

te verander na: “As 'n **geëkskommunikeerde** langs die weg van berou ...”.

Om die woorde in **Artikel 79: Tug oor ampsdraers**: “As predikante ... sal hulle geskors word op grond van die oordeel van hulle kerkraad en dié van die **naburige** gemeente, soos deur die klassis bepaal”

te verander na: “As predikante ... sal hulle geskors word op grond van die oordeel van hulle kerkraad en dié van die **hulpverlenende** gemeente, soos deur die klassis wat daarby aangewys is”

Om die woorde in **Artikel 79: Tug oor ampsdraers**: “Die klassis moet met advies van die deputate van die **partikuliere sinode**, soos in artikel 14 genoem, oordeel of hulle afgesit moet word”

te verander na: “Die klassis moet met advies van die **sinodale deputate vir die klassis**, soos in artikel 14 genoem, oordeel of hulle afgesit moet word”

Om die woorde in **Artikel 79: Tug oor ampsdraers**: “As ouderlinge of diakens ... is die oordeel van hulle kerkraad en dié van die **naburige** gemeente, voldoende vir hulle skorsing of afsetting”

te verander na: “As ouderlinge of diakens ... is die oordeel van hulle kerkraad en dié van die **hulpverlenende** gemeente, voldoende vir hulle skorsing of afsetting.”

Om die woorde in **Artikel 84: Nalewing en wysiging van die Kerkorde**: “As dit in belang van die kerke is, behoort hulle gewysig, aangevul of verminder te word. 'n Kerkraad, **klassis of partikuliere sinode** mag dit egter nie doen nie; hulle sal hulle daarop toelê om die bepalings van hierdie Kerkorde na te leef solank hulle nie deur die **algemene sinode** verander is nie”

te verander na: “As dit in belang van die kerke is, behoort hulle gewysig, aangevul of verminder te word. ‘n Kerkraad **en ‘n klassis** mag dit egter nie doen nie; hulle sal hulle daarop toelê om die bepalings van hierdie Kerkorde na te leef solank hulle nie deur die **sinode** verander is nie”.

Om in die **Engelse weergawe** van die Kerkorde die volgende verbeterings aan te bring:

Om die woorde in **Article 5: Calling to the ministry of the Word**: “The examination ... shall take place in the presence of the deputies of the **regional synod**...”

te verander na: “The examination ... shall take place in the presence of the **deputies of synod for the classis**.” (according to art. 49 CO).

Om die woorde in **Article 6: Calling to another church**: “The churches shall observe the general ecclesiastical ordinances ... **as well as for the repeated calling of the same minister during the same vacancy**”

1. Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK): A.C. Bijker (sameroeper) *Pretoria*, ds. C. Kleijn *Pretoria*, ds. P.G. Boon *Maranata*, ds. T.K. Mogale *Mamelodi*, ds. R.M. Retief *Johannesburg*, sr. H. Agema *Pretoria* (Sekundus: sr. C. Ijlst *Pretoria*)
2. Kontak met Binnelandse Kerke (KBK): ds. P. Nel (sameroeper) *Bethal*, ds. E. Viljoen *Kaapstad*, dr. J.A. Breytenbach *Kaapstad*, G.A. Anholts *Johannesburg* (Sekundus: ds. R.M. Retief *Johannesburg*)

3. Versorging KO, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere: ds. C.F Nicholson (sameroeper) *Kaapstad*, sr. M.A. de Mooij *Kaapstad*, K. Bijzet *Kaapstad*
4. Sendingsdeputate: K. Toebes (sameroeper) *Johannesburg*, P. Bouwman Maranata, H. Snijder *Pretoria*, sr. H.G. van Dijk *Maranata*, sr. C.M. Hagg *Pretoria* (Sekundus: ds. M.P. Magagula *Soshanguve*)
5. Liturgiese musiek: ds. E. Viljoen (sameroeper) *Kaapstad*, G. Klapwijk *Kaapstad*, ds. J. Mhlanga *Soshanguve*, sr. H. Roos *Kaapstad* (Sekundus: T. de Wit *Pretoria*)
6. Bybelvertaling: K. Bijzet (sameroeper) *Kaapstad*, ds. P. Nel *Bethal*, D.A. Brown *Pretoria*
7. Artikel 19 KO: ds. C.F. Nicholson (sameroeper) *Kaapstad*, B.J. Meijering *Kaapstad* (Sekundus: C.O. Begemann *Kaapstad*)
8. Artikel 11 KO en Kerkverbandelike bydraes: ds. C. Kleijn (sameroeper) *Pretoria*, F.J. van Dijk *Maranata*, G. de Jager *Maranata*, ds. J. Bosman *Maranata* (Sekundus: M. Kruger *Bethal*)
9. Korrespondensie Owerheid: J.A. Smit (sameroeper) *Pretoria*, W.D. Spies *Maranata*, ds. R.M. Retief *Johannesburg* (Sekundus: G.R. Stolper *Pretoria*)
10. Artikel 49 KO: ds. C. Kleijn *Pretoria*, ds. P.G. Boon *Maranata*, ds. E. Viljoen *Kaapstad*, ds. P. Nel *Bethal*, (Sekundi: C. Roose *Pretoria* en J. van der Linden *Kaapstad*)
11. Kuratore:

Mei 2005:
H.H. Schuring (sameroeper) *Pretoria*, G. Hagg *Maranata*, H. de Jager *Pretoria*, ds. P.G. Boon *Maranata*, ds. R.M. Retief *Johannesburg*, ds. C. Kleijn *Pretoria* (Sekundi: G.A. Anholts *Johannesburg*, N. du Preez *Bethal*)

Maart 2006:
Vir Klassis Noord:
Ds. J. Mhlanga, br. H.H. Schuring (sameroeper) en br. G. Hagg, as sekundus ds. R.M. Retief;
Vir Klassis Suid:
Ds. E. Viljoen, Ds. P. Nel en br.A.L. Boessenkool, as sekundus br. B. van Dalen.
12. Kwestor: F.J. van Dijk *Maranata* (Sekundus: E.J van Vondel *Kaapstad*)
13. Kerkverbandelike Administrateur: A.W. Herder *Johannesburg*
14. Kontrole Kwestor: Bethal
15. Argiefbewarende Kerk: Pretoria

16. Toesig argief: Johannesburg

17. Dag van verootmoediging: Klassis Suid

Artikel 39 Opdragte vir deputate

1. Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke

Susterkerke

- a. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie met die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) voort te sit.
- b. Om deputate te magtig om 'n afgevaardigde na die eerskomende Sinode van die FRCA te stuur die kerke daar voorligting oor ons kerke te gee.
- c. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie voort te sit met The Canadian and American Reformed Churches (CanRC).
- d. Om die deputate te magtig om 'n afgevaardigde na die eerskomende sinode van die CanRC te stuur die kerke daar voorligting oor ons kerke te gee.
- e. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie voort te sit met die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN(v)).
- f. Om deputate op te dra om die ontwikkelinge in die GKNv noukeurig dop te hou.
- g. Om die GKNn in kennis te stel dat die Sinode die versoek tot susterkerkrelasie met die GKNn nie toegestaan het nie en om die GKNn op te roep om hulle onttrekking uit die GKNv te heroorweeg en die kerklike pad voluit te loop (byvoeging van deputate se Bylae 2 kan oorweeg word ter ondersteuning).
- h. Om die inligtingstuk, soos deur deputate BBK aan die sinode voorgelê is, vir toekomstige kontakte te gebruik om die VGKSA bekend te stel.
- i. Om die Handeling van die Sinode na die VGKSA se susterkerke te stuur.
- j. Om die Handeling te stuur na ander kerke waarmee gevorderde kontakte bestaan, soos byv. die FCSA.

Nieu-Seeland

- k. Om deputate op te dra om kontakte met die RCNZ te hou op die huidige vlak van uitwisseling van inligting sodat ons op die hoogte bly van ontwikkelinge.

Afrika

- l. Om 'n afgevaardigde te stuur na die volgende ICRC Sendingskonferensie wat D.V. in 2007 in Kenia gehou sal word.
- m. Om deputate op te dra om die FCSA na VGKSA sinodes te nooi (status van waarnemers). Vergaderdatums van VGKSA sinodes moet verkieslik so gekies word dat dit nie met die FCSA se General Assembly vergaderdatums (begin Mei) bots nie.
- n. Om deputate op te dra om die volgende FCSA General Assembly by te woon en vir die volgende Sinode 'n teologiese beoordeling van die FCSA te maak.

Noord-Amerika

- o. Om op hoogte te bly met kerklike ontwikkelinge in Noord-Amerika.

Orige take

- p. Om die lidmaatskap van die ICRC voort te sit.
- q. Om waar moontlik, die kerkrade van inligting oor buitelandse kerke te voorsien, met die doel om die kerkrade in staat te stel om verantwoorde besluite te kan neem t.a.v. lidmate wat na sulke kerke vertrek.
- r. Om die kerke te dien met inligting oor buitelandse kerke, om hulle betyds in staat te stel, om gerig in die gebede tydens kerkdienste en in die huise daaraan aandag te skenk.
- s. Om die bekendstellingsboekie tot die finale vorm te verwerk en dit voor die ICRC Konferensie in Oktober 2005, beskikbaar te stel.
- t. Om intensiewe kontakte te soek met die JKC en die sendelinge van Nam-Chun PC(K), met die oog op verhoudingbou en met die oog op die moontlikheid van samewerking insake teologiese opleiding.
- u. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

2. Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke

- a. Dat die deputate die plaaslike kerke deeglik inlig en op hoogte bring rakende die gesprekke tussen die GKSA en VGKSA, soos weergegee in die deputate verslag. Die verslag moet eers aan die deputate van die GKSA voorgelê word vir insette om die korrektheid te verseker.
- b. Om die gesprekke met die deputate van die GKSA voort te sit en die hartlike begeerte uit te spreek om waarlik een te wees met die GKSA in terme van Skrif en Belydenis. In die gesprekke sal die deputate:
 - die GKSA deputate gevra word om 'n konfessioneel gebaseerde beoordeling te gee van die GKSA se verhouding ten opsigte van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Nederduits Hervormde Kerk;
 - die Sosiohistoriese metode in die lig van die hermeneutiese uitgangspunte soos vasgestel op die GKSA se sinode van 1988 met die deputate van die GKSA bespreek;
 - die aard van die binding aan die gereformeerde belydenis bespreek met die deputate van die GKSA;
 - navraag doen by die GKSA deputate wat die verhouding met die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke inhou.
- c. Dat die deputate hul siening van kerk en kerkverband in die lig van Skrif en Belydenis konkreet beskryf en die deputate van die GKSA versoek om dieselfde te doen.
- d. Dat die deputate die besluit van die jongste sinode van die GKSA, om vroue tot die amp van diaken toe te laat, sal evalueer.
- e. Dat deputate die moontlikhede ondersoek van maniere vir samewerking met die GKSA soos bv. die tussen kerkelike raad (TKR).
- f. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

3. Deputate Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere

- a. Om onduidelike en swak geformuleerde artikels in die Kerkorde en in die Sinodereëls te ondersoek en die volgende Sinode te dien met voorstelle ter verbetering.

- b. Om die Liturgiese Formuliere na te gaan vir onduidelike en swak formulering en die volgende Sinode te dien met voorstelle ter verbetering.
- c. Om die hersiene Kerkorde en Sinodereëls opnuut uit te gee, met die Engelse vertalings ook daarin opgeneem, asook die orde van diens, soos vasgestel in 1990, art. 14.
- d. Om die kerkorde en liturgiese formuliere in Sotho beskikbaar te stel.
- e. Om uiteindelik die sg. "blou boekie" en die boekie met Liturgiese Formuliere saam te voeg.
- f. Om aan die volgende sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

4. Sendingsdeputate

- a. Deputate is verantwoordelik vir die kontak tussen die sendende kerke van die VGKSA en die ondersteunende kerke in die buiteland.
- b. Deputate sal in hierdie kontaktoefening optree soos uiteengesit in die akkoord van samewerking wat die Sinode met die buitelandse ondersteunende kerke gesluit het en die akkoord van samewerking insake die sending tussen die VGKSA kerke.
- c. Deputate besin oor 'n meer konkrete uitwerking van die nasionale sendingsvisie vir die eersvolgende vyf tot tien jaar. Deputate word aangemoedig om die verskillende rolspelers by hierdie besinningsproses te betrek.
- d. Deputate ontvang jaarliks van die sendende kerke die beleids- en werkplanne, die begroting vir die volgende jaar en die finansiële state oor die afgelope jaar.
- e. Deputate konsolideer die onderskeie begrotings en lê dit aan deputate van die ondersteunende kerke voor.
- f. Deputate is verantwoordelik vir die verdeling, volgens die aanvaarde begrotings van die sendende kerke, van alle sendingbydraes wat inkom.
- g. Deputate is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die geld ooreenkomstig die begroting, beleids- en werkplan bestee is.
- h. Deputate sal van die kerke die volgende sendingsbydrae vra: 'n minimum bedrag van R90 per siel vir 2005 te vra en verhoog dit daarna jaarliks vir R5 per siel.
- i. Deputate ontvang van die sendende kerke alle notules en rapporte wat op die sendingwerk betrekking het.
- j. Deputate koördineer noodsaaklike sendingsaangeleenthede van gemeenskaplike belang vir die onderskeie sendingsgebiede.
- k. Deputate verdeel onderling die verskillende funksies.
- l. Dat die deputate in samewerking met Deputate Hulpbehoewende Kerke (Artikel 11) sal omsien na passende finansiële reëlings van nuut geïnstitueer kerke vanuit die sendingwerk indien die huidige finansiële afboureëlings nie voldoende blyk te wees vir die gemeentes nie.
- m. Deputate doen aan die volgende Sinode verslag en gee aanbevelings in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

5. Deputate Liturgiese Musiek

- a. Om kontak te maak met die deputate van die GKSA wat gemoeid is met die taalkundige hersiening van die Totiusteks van die berymde Psalms met die bedoeling om:
 - ons kerke se begeerte om die Totiusberyming te behou, aan hulle oor te

- dra;
 - ons samewerking met die taalkundige hersiening, waar moontlik, aan te bied;
 - te kom tot samewerking by 'n gesamentlike uitgawe van die Psalmboek met die hersiene Totiusberyming;
 - uit te vind of die hersiene Totiusberyming deur ons kerke gebruik kan word vir ons eie kerkboek, indien 'n gesamentlike uitgawe nie moontlik sou wees nie.
- b. Om die hersiene Totius beryming te evalueer en indien nodig aan die kerke te stuur
 - c. Om ook ondersoek in te stel na die koste en uitvoerbaarheid van die uitgawe van 'n eie kerkboek met die Psalms, Skrifberymings, Gesange, Belydenisskrifte, Gebede en Liturgiese formuliere.
 - d. Om 'n deeglike en diepgaande studie oor die lied in die erediens te verrig om die kerke te dien.
 - e. Om gesange te selekteer volgens norme wat deur vroeëre sinodes vasgestel is.
 - f. Om die verslae oor voorgaande opdragte d en e twaalf maande voor die volgende Sinode aan die kerke te stuur vir hul kommentaar.
 - g. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

6. Deputate Bybelvertaling

- a. Toesig te hou oor en betrokke te wees by die nuwe verwickelinge rondom die komende vertaling
- b. Die kerke op hoogte te hou ten opsigte van die vordering en verwickelinge met die vertaling
- c. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

7. Deputate i.s. artikel 19 KO

- a. Om ooreenkomstig artikel 19 KO en die reëlins soos in artikel 30 van hierdie Handeling vervat, die studente van die Teologiese Skool of diegene wat voorgraadse studies volg met die begeerte om studies te volg om tot die bediening van die Woord te kom, finansiëel te ondersteun.
- b. Om die uitgewerkte reëling betreffende studiefinansiering te implementeer.
- c. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

8. Deputate i.s. artikel 11 KO

- a. Om, indien 'n versoek om finansiële hulp van 'n kerk inkom, dit te oorweeg en nadat bevind is dat hierdie versoek meriete het, aan die ander kerke 'n skriftelike voorstel te maak om die hulpbehoewende kerk na vermoë te help.
- b. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

9. Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid

- a. Om by vreugde en droefheid in sake van landsbelang die owerheid geluk te wens of deelneming te betuig, na gelang van omstandighede.
- b. Om op maatreëls van die kant van die owerheid wat die beskerming van die

Woordbediening in gedrang bring, paslik te reageer.

- c. Om in gevalle waar die universele wet van God deur die owerheid oortree word, getuieis na die owerheid te laat uitgaan en om te besin oor die spesifieke aard en funksie van hierdie opdrag en daarvoor terug te rapporteer aan die volgende Sinode.
- d. Om versoeke van die owerheid in ontvangs te neem en aan die kerke bekend te maak.
- e. Om aan die volgende Sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

10. Deputate Kuratore Teologiese Opleiding

Mei 2005:

- a. Om duidelike planne uit te werk vir die vestiging van 'n opleidings instituut in konsultasie met relevante instansies.
- b. Om die finansiële implikasies vir die vestiging van 'n instituut uit te werk asook ondersoek in te stel na moontlikhede vir finansiële ondersteuning.
- c. Om die profiel van 'n persoon op te stel wat as direkteur van 'n opleidings instituut kan dien met 'n uitgewerkte taak beskrywing.
- d. Om afhangende van die bevindinge 'n persoon aan te beveel aan die Sinode vir die moonlike aanstelling as direkteur vir 'n periode van ten minste drie jaar.
- e. Om toesig te hou oor die opleiding wat ons Sotho-sprekende studente en die studente van die Kaap ontvang.
- f. Om voort te gaan met die verteenwoordiging op die MTC raad om die situasie te monitor en om 'n positiewe inset te kan gee.
- g. Om samewerking te beplan tussen die bestaande opleidings opsies en interaksie tussen die studente in konsultasie met die verteenwoordigers van die sendenderkerke en die sendgeling.
- h. Om verslag te doen aan die kerke teen einde November 2005 sodat die synode weer kan sit teen die einde Januarie 2006.

Maart 2006:

- a. Op 'n profiel op te stel van die uitkoms van hoe die tipe student moet lyk wat sy teologiese opleiding voltooi het. Die profiel moet nie net die akademiese vereistes bepaal nie maar ook sy gesindheid teenoor die gereformeerde leer, die wyse waarop hy preke maak en die manier hoe hy sal moet funksioneer as leeraar of sendeling binne die Suid-Afrikaanse konteks;
- b. Met hierdie profiel in ag geneem moet die kursus doelwitte opgetrek word;
- c. Om die huidige opleidings situasie te ontleed en in die lig daarvan 'n stapsgewyse plan op te trek op uiteindelik by 'n opleidings instituut uit te kom vur en deur die kerke.
- d. Om 'n duidelike omskrywing op te stel van die take en verantwoordelikhede van die streeksverteenwoordigers;
- e. Om 'n duidelike omskrywing op te stel van die take en verantwoordelikhede van die sendingskerkrade asook wat verwag word van die ander kerke in die kerkverband ten op sigte van teologiese opleiding.
- f. Om 'n duidelike omskrywing op te stel van wat van persone verwag sal word wat in die toekoms lesings sal aanbied.

- g. Om duidelike riglyne neer te lê van hoedanig die raadgevende taak van die deputate kuratore uitgevoer word met betrekking tot die instituut;
- h. Om 'n voorstel uit te werk watter ooreenkomste die Sinode moet maak in terme van die finansiële behoefte van die TO soos begrotings, pompensasie ens.
- i. Om 'n geskrewe rapport uit te bring aan al die kerke nie later as Augustus 2006.
- j. Om die sameroepende kerk (Kaapstad) te versoek om 'n Ad-Hoc sinode byeen te roep ses weke nadat die verslag uitgestuur is.

11. Sinodale Kwestor

- a. Dat die kwestor aan die einde van Mei en September halfjaarrekenings aan die kerke stuur en dat die kerke dit binne 30 dae sal betaal.
- b. Om die kerkverbandelike verpligtings onder die kerke te verdeel op 'n skaal wat bepaal word volgens die inkomste wat in die afsonderlike begrotings van die kerke self genoem word. Sodra die skaal opgestel is moet die kerke daarvan in kennis gestel word.
- c. Dat die huidige som van die kerkverbandelike onkoste as limiet gestel word wat jaarliks met die inflasiesyfer aangepas kan word.
- d. Om die verskillende kwotas soos vasgestel deur die Sinode van die kerke te verhaal.
- e. Om te verseker dat waar kerke, ondanks die skaal, nie ten volle hulle bedrae tot kerkverbandelike kostes kan betaal nie, dit via deputate hulpbehoewende kerke moontlik gemaak moet word, tot tyd en wyl die skaalverdeling reggestel kan word.
- f. Om die bedrae soos vasgestel aan die deputaatskappe beskikbaar te stel op hulle versoek.
- g. Dat Sinode Handelingte teen kosprys aan belangstellende gemeentelêde verskaf word.
- h. Dat die kwestor aan die volgende Sinode verslag doen en aanbevelings formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls en daarby in ag neem die bepalinge van artikel 11 (5)d van die Sinodereëls.

12. Kerkverbandelike administrateur

- a. Om die administratiewe take te vervul wat betrekking het op die werk van sinodes en dan slegs op versoek van die sameroepende kerk of in direkte opdrag van die sinode
- b. Om in samewerking met die argiefbewarende kerk die sorg te dra vir die argief
- c. Om die onkoste wat in hierdie verband gemaak word te eis van die kwestor

13. Kontrole Kwestor

- a. Om 'n jaarlikse kontrole van die finansiële state van die kwestor vir 2004/2005 en 2005/2006 uit te voer.
- b. Om 'n verslag hiervan aan die volgende Sinode voor te lê.

14. Argiefbewarende Kerk

Om die algemene instruksies soos vermeld in artikel 11.6 van die Sinodereëls op te volg.

15. Toesig oor die argief

Om toesig te hou op die sinodale argief met inagneming van die bepalings van artikel 11.6 van die Sinodereëls.

16. Klassis om dag van verootmoediging uit te roep

Om in tye van oorlog, algemene rampe en ander groot moeites waarvan die druk in al die kerke gevoel word, 'n dag van verootmoediging uit te roep.

Artikel 40 Seënwense aan die President

Die volgende brief word goedgekeur vir versending aan die president:

The President,
Mr. T.M. Mbeki
Private Bag X1000
Pretoria
0001

The synod of the Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met from the 23rd of May till the 26th of May 2005 in Pretoria, Gauteng. The delegates expressed the wish to assure you of their prayers for you in your responsible task as President of our country. We realise this is no easy task in a country with so many needs and challenges. We pray that the Lord our God may grant you the necessary wisdom, guidance and strength for that task.

We pray that through your government the kingdom of Christ may be promoted and His church may live peaceful and quiet lives in all godliness and holiness. May you seek your help in Jesus Christ, the saviour and ruler of the kings of the earth, and in the Word of God.

We greet you in the Name of Jesus Christ our Lord and Saviour,

Rev. C. Kleyn	Praeses
Rev. P. Nel	Assessor
Mr. P. Bouwman	Scribe

Artikel 41 Persoonlike rondvraag

Verskillende sinodelede spreek hulle dank uit vir die goeie samewerking, vir die werk van die moderamen. Die assessor spreek spesifiek sy dank uit vir die goeie leiding van die voorsitter.

Die skriba spreek sy dank uit vir die werk gedoen deur die notularis.

Artikel 42 Aanwysing van die sameroepende kerk en die vasstelling van die tyd en plek van die volgende Sinode

Kaapstad word aangewys om die volgende Sinode, wat D.V. in 2008 gehou word, saam te roep. Die definitiewe tydstip word deur die kerk bepaal, maar word voorlopig vasgestel vir Mei 2008.

Artikel 43 Vasstelling van die Handeling en die Kort Verslag

Die vasstelling van die Handeling word aan die moderamen opgedra.
Die assessor sal die Kort Verslag opstel en dit aan die kerke stuur.

Artikel 44 Sensuur volgens artikel 48 KO

Hiervan word geen gebruik gemaak nie.

Artikel 45 Sluiting

Die voorsitter sluit die Sinode op 18 Maart 2006 met gebed.

Ds. C. Kleijn, voorsitter,
Oudl. P. Bouwman, skriba,
Ds. P. Nel, 2e voorsitter.

Voorstelle Klassis B

Klassis B
Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika
p/a F.J. van Dijk

9 Mei 2005

Die Sinode van Pretoria-Maranata 2005

Die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Weleerwaarde Broeders

VOORSTELLE VIR DIE SINODE 2005

Die Klassis B van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika het op sy vergadering van 19 Maart 2005 besluit om die volgende voorstelle wat op die agenda van die klassis geplaas was deur die kerke deur te stuur vir die sinode met die aanbeveling om die sake te behandel op die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika wat D.V. vanaf 23 Mei 2005 te Pretoria-Maranata sal plaasvind.

- Verslag oor nuwe Afrikaanse Bybelvertaling
- Voorstel vir herindeling klassisse
- Voorstel vir die aanstelling van 'n kerkverbandelike administrateur
- Voorstel betreffende die sinodale deputate vir Liturgiese Musiek
- Voorstel betreffende die sinodale deputate BBK
- Voorstel betreffende vervulling van tussentydse vakatures in deputaatskappe

Die verslag en die verskillende voorstelle is as bylaes gevoeg by hierdie brief.

Met broedergroet namens die bogenoemde klassis

Ds. P. Nel, voorsitter

F.J. van Dijk, skriba

RAPPORT OOR 'N VOLGENDE BYBELVERTALING

Die klassis van die VGKSA's, gehou in die kerkgebou van die VGK Johannesburg, 12 Maart 2005.

Geagte broeders

Die Bybelgenootskap het pas 'n skrywe aan ons gerig waarin daar versoeke gedoen word wat dringende aandag geniet (Brief aangeheg). As gevolg van tydsnood wat die versoeke meebring rig ek hierdie skrywe aan u met die versoek om dit op klassis B ter tafel te neem en na goeie oorleg daarmee te handel.

Koersverandering oor vertaling

Die saak rondom Bybelvertaling het ietwat op die agtegrond verskuif op ons kerklike agenda en met goeie redes. Op Sinode 2002 word as volg gerapporteer en besluit:

"Geen verslag is ontvang nie. Ook op die vorige Sinode is geen verslag ontvang nie. Verder word genoem dat die Bybelgenootskap 'n voorstel van die GKSA vir 'n brongerigte vertaling afgewys het. Die Sinode besluit om geen nuwe deputate aan te wys nie.

Grond: Dit is nie sinvol om deputate te hê sonder 'n konkrete opdrag nie."

Met dankbaarheid mag ek egter nou aan u bekend maak dat die gang van sake drasties verander het en dat die Bybelgenootskap wel nou besluit het om 'n nuwe brongerigte vertaling die lig te laat sien.

Dié besluit is geneem na aanleiding van die Kerklike Advieskomitee se onlangse en uitermate positiewe versoek vir so 'n vertaling. Die Bybelgenootskap kan nie self besluit oor vertalings nie en is afhanklik van die adviese van kerke vir 'n moontlike vertaling. Op 25 Oktober 2004 het die Kerklike Advieskomitee toe in Kemptonpark byeengekom. Dié komitee is 'n vergadering van afgevaardigdes van die meerderheid van Afrikaanse kerke. Soos die meeste ander afgevaardigdes het u nie amptelike deputaat namens ons kerke 'n positiewe gesindheid jeens so nuwe brongerigte vertaling uitgespreek. Die uwe het aangeneem dat hy die kerke se volle ondersteuning in die verband het.

Ander kerke teenwoordig was die NGK, NHK, GKSA, APK, Ev. Geref., Rooms

Katolieke K., Pinkster Prot., AGS, Volle Ev. en die Verenigende Geref. Kerk. Die datum vir 'n begin aan die nuwe vertaling is bepaal vir vroeg in 2006. Die rede vir die uitstel is die afhandeling van 'n vertaling vir dowes wat nog afgehandel moet word. Dit moet in gedagte gehou word dat die datum slegs die begin van 'n baie lang proses is en dat die werklike produk eers heelwat later, ongeveer oor 10 jaar, sal verskyn.

Die vereistes waaraan die beoogde vertaling moet voldoen, is dat dit spesifiek gerig moet wees op voorlesing in eredienste, op gebruik in kategeese, Bybelstudie en die persoonlike lewe. Die vertaling moet 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks wees, en beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks moet so ver as moontlik behou word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees vir lede van die kerke. Verklarende kantaantekeninge en/of voetnotas moet gebruik word om inligting te voorsien wat nie in die vertaling self voor die hand liggend is nie.

Ander sake

LW. Die volgende sake is almal onder bespreking en is dus nie tot beleid gemaak nie. Ons kan dus slegs kennis daarvan neem ter wille van ons eie belangstelling.

Ander sake wat aandag geniet het was:

- a. Daar moet eerder as van "Ou" of "Nuwe Vertaling" gepraat word van die "volgende Afrikaanse Vertaling" of die Volgende Afrikaanse Bybel (VAB).
- b. Die kwessie van die invoeging van die *Deutero Kanonieke boeke* (Ook genoem die apokriewe boeke vgl. NGB Art 6, maar te onderskei van die Nuwe-Testamentiese Apokriewe). Daar sal heel moontlik 'n uitgawe sonder en uiteindelik ook 'n uitgawe met dié werke daarin verskyn.
- c. Die *grondtekste vir die Ou Testament* wat onder andere oorweeg word is die Massoretiese Teks (MT), die Septuaginta (LXX) en miskien ook die nuwere tekste, soos die Kodeks Alepho, uitgegee deur die Hebreeuse Bybelgenootskap. **LW. Die vertaalkommissie moet nog hieroor 'n finale uitspraak gee.**
- d. Vir die *Nuwe Testament* sal nuwer Griekse weergawes ook geraadpleeg word, soos die Meerderheidstekse, alhoewel die UBS en Nestlé Aland weergawes heel moontlik steeds die basis sal vorm. Oor die gedagte dat die Meerderheidstekse heel moontlik meer erkenning gaan geniet het ek namens ons kerke positief gereageer. Die gebruik van die Meerderheidstekse beteken

dat die Bisantynse oftewel die Kerklike teks, soos weergegee in die gereformeerde teksoorlewering, veel meer oorweging sal geniet.

LW. Die vertaalkommissie moet nog hieroor ook 'n finale uitspraak gee.

Opvolgskrywe

In 'n skrywe gedateer 1 Maart 2005 en ontvang (per e-pos) op 4 Maart 2005 het die Bybelgenootskap die volgende sake vermeld:

- a. Daar moet vasgestel word of die kerke betrokke wil wees by hierdie vertaling van die Bybel in Afrikaans, en of die gemeentes en lidmate aangemoedig sal word om die Bybelgenootskap finansiëel te ondersteun vir die daarstelling van die vertaling.
- b. Daar moet ook bepaal word of die kerke, wanneer daar 'n begin gemaak word met die projek, persone wil nomineer vir moontlike benoeming as vertalers, hersieners en kontroleurs.
- c. 'n Loodskomitee, saamgestel uit lede van die Kerklike Advieskomitee, is getaak om 'n omvattende werkboek (memorandum vir vertalers) met 'n baie duidelike vertaalopdrag saam te stel.

Versoek

Hulle rig dan die versoek:

DIE BYBELGENOOTSKAP WIL U KERK DAN NOU UITNOOI OM DADELIK PERSONE TE NOMINEER VIR MOONTLIKE BENOEMING AS VERTALERS EN/OF (OP 'N LATER STADIUM) OOK KONSULTANTE.

As **vertalers** kan eksegete (OT en NT), brontaalkenners (Hebreeus, Grieks en Aramees), Afrikaanse taal- en letterkundiges asook opgeleide vertalers (taalpraktisyns) genomineer word. Die Bybelgenootskap behou hom die reg voor om van genomineerdes 'n stuk vertaling vooraf aan te vra. Vertalers word vergoed per werk gelewer (RX per 100 woorde) vir elke fase van die vertaalproses. **Die name, adresse (ook e-pos adresse) en kort CV's moet die Bybelgenootskap bereik voor 30 April 2005.**

Die taak van kerklike **konsultante** sal wees om vertaalwerk in 'n voor finale stadium noukeurig te lees en kommentaar te lewer. Daar is geen vergoeding hieraan verbonde nie. Meer inligting oor die aanwys van konsultante sal op 'n later stadium aan u deurgegee word.

Die loodskomitee van die volgende Afrikaanse Bybelvertalingsprojek sal die

Bybelgenootskap adviseer oor die aanstelling van vertalers en konsultante.

Kontakpersoon: Ds GS Kritzinger, Bus 6215, Roggebaai, 8012. Tel: 021 421 2040

Amptelike skrywe van instemming

Al het u "deputaat" mondelings ons kerke se instemming met 'n volgende vertaling oorgedra sou dit tog veelseggende wees as die kerke amptelik 'n skrywe hieroor rig. Met die gedagte aan die lang tyd wat nog moet verloop tot die volgende sinode het u rapporteur 'n brief gestuur waarin die VGKSA's die komende vertaling verwelkom (Sien Bylae 1 hieronder).

'n Woord van dank

U rapporteur is namens ons kerke genooi na die belangrike vergadering van die Bybelgenootskap danksy die inisiatiewe van broeder Klaas Bijzet in die Kaap. Hy het verneem van die Oktober 2004 vergadering en voorsorg getref dat ons kerke ook daar teenwoordig mag wees. Ons hartlike dank aan hom hiervoor.

VOORSTELLE:

Aan klassis B:

1. Die klassis verklaar die rapport ontvanklik en hanteer spoedeisende sake daarin.
Gronde: Sekere sake in die rapport is spoedeisend en moet afgehandel word voor 31 April 2005 en dus voor die volgende sinode.
2. Die klassis verwys die versoek van die Bybelgenootskap, om vertalers en konsultante te nomineer, na die onderskeie kerkrade.
Gronde: Die kerk van die Here het 'n dringende opdrag om die voortgang van die Evangelie te behartig. Daar is geen tyd om die nominasies op sinode te hanteer nie. Die ad hoc sinode van 12 Maart het die bespreking van die versoek van die Bybelgenootskap as onontvanklik afgewys.
3. Die klassis wys tydelike deputate aan om die terugvoer vanaf die kerke aan die Bybelgenootskap deur te gee voor 31 April 2005.
Gronde: Die taak moet gekoördineer en afgehandel word voor 31 April 2005.
4. Die klassis oorweeg en stuur die volgende voorstelle deur aan die Sinode van Johannesburg.

Gronde: Bybelvertaling is 'n saak vir die kerkverband.

Aan Sinode Johannesburg 2005:

5. Die sinode spreek sy dank uit oor die positiewe verwickelinge rondom 'n volgende Afrikaanse bron-georiënteerde vertaling.

Gronde: Die VGKSA's werk al etlike jare na 'n nuwe uitgawe van die Bybel in Afrikaans wat brontaal georiënteer is.

6. Die Sinode wys weer deputate aan vir Bybelvertaling.

Gronde: Die taak van die kerk in die toesig en betrokkenheid by die vertaling van God se Woord is onmisbaar.

7. Dié Deputate Bybelvertaling kry opdrag om:

- a. Toesig te hou oor en betrokke te wees by die nuwe verwickelinge rondom die komende vertaling as vertalers en/of konsultante in die vertaalproses.

- b. Terug te rapporteer aan die volgende sinode.

Gronde: Die Deputate verteenwoordig die VGKSA's

8. Die sinode keur die amptelike brief goed waarin die kerke uitspreek dat hulle die komende vertaling verwelkom.

Gronde: Op die manier kry die brief formele status van die kerke.

Pieter Nel: Rapporteur

Versoek deelname aan nuwe Afrikaanse Vertaling

1 Maart 2005

Ds P Nel
Kerklike Kommissie
Vrye Gereformeerde Kerk
Posbus 1294
Bethal
2310

Geagte Heer

VOLGENDE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGSPROJEK (VAB) **BELANGRIKE INLIGTING**

Die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bestaan uit verteenwoordigers van kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik. Die Advieskomitee het, na versoeke van kerklike verteenwoordigers oor etlike jare voorbeelde van verskillende soorte vertalings laat maak, dit oorweeg en na navorsing bevind dat daar by baie gelowiges die behoefte bestaan vir 'n vertaling wat meer brontaal georiënteer is. Die vereistes waaraan die beoogde vertaling moet voldoen, is dat dit spesifiek gerig moet wees op voorlesing in eredienste, op gebruik in kategese, Bybelstudie en die persoonlike lewe. Die vertaling moet 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks wees, en beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks moet so ver as moontlik behou word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees vir lede van die kerke. Verklarende kantaantekeninge en/of voetnotas moet gebruik word om inligting te voorsien wat nie in die vertaling self voor die hand liggend is nie. Vir kerke wat daarvan gebruik wil maak, sal ook die deuterokanonieke boeke vertaal word.

Die Kerklike Advieskomitee het daarom by die Bybelgenootskap aanbeveel dat 'n begin gemaak word met hierdie spesifieke vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Die Bybelgenootskap inisieer nie self Bybelvertalingsprojekte nie, maar verskaf die infrastruktuur en tree op as koördineerder van projekte. Op grond van die aanbeveling wat deur die Kerklike Advieskomitee gemaak is, het die

Bybelgenootskap verlede jaar skrywes gestuur na die verskillende kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik om te verneem:

1. Of die kerke betrokke wil wees by hierdie vertaling van die Bybel in Afrikaans, en of die gemeentes en lidmate aangemoedig sal word om die Bybelgenootskap finansiëel te ondersteun vir die daarstelling van die vertaling.
2. Of die kerke, wanneer daar 'n begin gemaak word met die projek, persone wil nomineer vir moontlike benoeming as vertalers, hersieners en kontroleurs.

Kerke se reaksie was uiters positief en tot op datum het die volgende kerke positief gereageer: Afrikaanse Protestantse Kerk, Apostoliese Geloofsending, Gereformeerde Kerke, Katolieke Kerk, Nederduits Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk, Verenigende Gereformeerde Kerk en Volle Evangelie Kerk van God. Ons wag nog op enkele ander kerke se reaksie.

Op grond van die baie positiewe reaksie van die kerke het die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap op sy vergadering wat op 17 Februarie 2005 gehou is, die versoek van die Kerklike Advieskomitee en kerke vir 'n brontaalgeoriënteerde vertaling goedgekeur.

'n Loodskomitee, saamgestel uit lede van die Kerklike Advieskomitee, is getaak om 'n omvattende werkboek (memorandum vir vertalers) met 'n baie duidelike vertaalopdrag saam te stel.

DIE BYBELGENOOTSKAP WIL U KERK DAN NOU UITNOOI OM DADELIK PERSONE TE NOMINEER VIR MOONTLIKE BENOEMING AS VERTALERS EN/OF (OP 'N LATER STADIUM) OOK KONSULTANTE.

As **vertalers** kan eksegete (OT en NT), brontaalkenners (Hebreeus, Grieks en Aramees), Afrikaanse taal- en letterkundiges asook opgeleide vertalers (taalpraktisyns) genomineer word. Die Bybelgenootskap behou hom die reg voor om van genomineerdes 'n stuk vertaling vooraf aan te vra. Vertalers word vergoed per werk gelewer (RX per 100 woorde) vir elke fase van die vertaalproses. **Die name, adresse (ook e-pos adresse) en kort CV's moet ons bereik voor 30 April 2005.**

Die taak van kerklike **konsultante** sal wees om vertaalwerk in 'n voor finale stadium noukeurig te lees en kommentaar te lewer. Daar is geen vergoeding hieraan verbonde nie. Meer inligting oor die aanwys van konsultante sal op 'n later stadium aan u deurgegee word.


Die loodskomitee van die volgende Afrikaanse Bybelvertalingsprojek sal die Bybelgenootskap adviseer oor die aanstelling van vertalers en konsultante.

Die vertaalwerk sal ongeveer 10 jaar duur.

Hierdie vertalingsprojek het die potensiaal om 'n wye verskeidenheid Afrikaanssprekende kerke ekumenies op 'n ongekeende skaal in die geskiedenis van kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, te laat saamwerk – tot Sy eer!


Erken asseblief ontvangs van hierdie skrywe.

Groete in Christus
In diens van die Woord



Ds Gerrit Kritzinger
Uitvoerende Hoof

Voorstel deelname aan nuwe afrikaanse vertaling



ECCLESIA CHRISTI FLUCTUAT NON MERGITUR

Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Deputate Bybelvertaling: Posbus 1294, Bethal, 2310 E-pos: rufusnel@mweb.co.za

7 Maart 2005

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 6215

Roggebaai
8012

Geagte ds Gerrit Kritzinger

INSTEMMING MET 'N VOLGENDE AFRIKAANSE VERTALING

U skrywe van 1 Maart 2005 het betrekking. Hieroor die volgende:

Die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika wil sy heelhartige instemming betuig met u onderneming om 'n volgende bron-gerigte Afrikaanse vertaling te laat verskyn. Ons het op verskeie sinodes reeds die behoefte aan so vertaling uitgespreek en het ook so versoek aan u gerig. Ons het dit ook via ons afgevaardigde, ds. Pieter Nel, mondelings oorgedra aan die vergadering van die Kerklike Avieskomitee van 25 Oktober 2004.

Wat u versoek om vertalers en/of konsultante betref, sal ons u sou gou as moontlik met 'n antwoord bedien.

Pieter Nel

Namens Deputate Bybelvertaling van die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

